# *YAH* se Kalender[1] – soos Hy in Sy Woord vir ons gee

*Alle aanhalings kom uit die PWL[2], behalwe waar anders vermeld word. Sekere uitdrukkings mag verander wees vir eenvormigheid. Slegs die oorspronklike Hebreeuse name word deurgaans gebruik en die 'ou' name soos in ander vertalings is in volgorde soos gebruik beskikbaar by Aanhangsel A. Sommige Hebreeuse name mag dalk effens verskil van ander omdat ons slegs van direkte fonetiese vertalings gebruik maak.*

## *Aanhef*

Sou *YAH* van elkeen van ons verwag om 'n wiskundige genie te wees om die kalender uit te werk soos Hy dit vir ons gee in Sy Woord?

OF

Het *YAH* dit redelik eenvoudig gemaak vir die gemiddelde gelowige om die vasgestelde feestye te kan eerbiedig soos Hy vir ons aandui in *Vayiqra*[3] 23 en ander gedeeltes in Skrif[4]?

Maak dit werklik saak dat ons streng by die kalender hou, of sal *YAH* tevrede wees indien ons probeer om, volgens wat ons verstaan, so na as moontlik aan die dae te kom wat Hy ons beveel het om te eerbiedig deur nie te werk nie, maar 'n afgesonderde byeenkoms te hou tot eer van Hom?

Sommige mense is baie tevrede om maar net die stroom te volg, sonder om te vra of die stroom in die regte rigting beweeg of die regte ding doen. Ander mense, in geheel teenoorstaande, bevraagteken alles en bring alles in oproer vir selfs die geringste rede. Dit bring ernstige beroeringe tussen gelowiges en veroorsaak verdeling, iets waarvoor *Yeshua* by *YAH* pleit om nie te gebeur nie:

> *Yochanan* 17 [20]Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou [21]sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. [22]Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het; [23]Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Ons word ook ernstig gemaan om in eenheid te bly met medegelowiges:

> Romeine 16 [17]Ek versoek julle, my broers: wees versigtig vir hulle wat verdeeldheid en struikeling veroorsaak buite die leringe wat julle geleer het. Julle moet wegbly van hulle af, [18]want sulke mense dien nie ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een nie, maar hulle eie maag en hulle mislei die verstand, wil en emosie van die reines deur hulle soet woorde en seëninge.

Selfs lank voor *Yeshua* se geboorte, het 'n man na *YAH* se hart vir ons geleer:

> *Mizmor* 133 [1]'n Lied vir die opgaan na die feeste; van *Dawid*. Let op, hoe goed en hoe aangenaam is dit vir broers om saam te wees in eenheid! [2] Dit is soos die kosbare olie op die kop en op die baard,

1 Hierdie artikel is alreeds gedurende 2021 opgestel en behou tans slegs daardie datums ter verduideliking. Kontak ons gerus vir die huidige datums of besoek ons webblad.

2 PWL is die akroniem vir "Pad van Waarheid tot die Lewe", 'n vars Afrikaanse vertaling deur Gerrie Coetzee. Die webblad www.padwlewe.co.za bevat baie inligting en aflaaibare artikels. Vir gedrukte weergawes, skakel gerus met ons of met Gerrie by 0743612134 of by gerrie@padwlewe.co.za.

3 Aanhalings gebruik oorspronklike Hebreeuse name. Aanhangsel A bevat die volledige lys van ooreenstemmende name.

4 Ons verkies die woord "Skrif" vir *YAH* se Woord, eerder as die niksseggende "Bybel".

die baard van *Aharon*, wat afloop op die kraag van sy kleed, [3] soos die dou van *Chermon* wat val op die berg van *Tziyon*, want daar het יהוה die seën beveel, die lewe vir ewig!

Daar is diegene wat probeer om die goue draad te volg soos hulle oortuiging is en in hierdie geval sal die goue draad inderdaad *Torah* wees, veral soos *Yeshua* dit kom vervul het. Hierdie kort studie van *YAH* se kalender is om te probeer aandui met watter eenvoud *YAH* vir ons in Sy Woord inligting gegee het sodat niemand enigsins rede het om dit nie te verstaan nie. Hiermee gee ons egter nie voor om al die antwoorde te hê vir al die vrae wat mense mag vra nie, nog minder gee ons voor dat hierdie die enigste en korrekte metode is. Ons gebruik alleenlik *YAH* se Woord en met afleidings deur ons en eendersdenkende *Torah*-oplettende gelowiges plaas ons hierdie inligting op papier, hetsy elektronies of die werklike ding.

## *Inleiding*

Voor die einde van die vorige *Torah*-kringloop of -siklus, het ons begin om 'n nuwe studieplan op te stel waartydens al die *Torah*-studies gedurende een jaar deurgewerk word, soos dit elke *Shabbat* in sinagoges en onder *Torah*-gehoorsame gelowiges wêreldwyd gedoen word. Terwyl daar niks besonders hieraan is nie, is die verskil dat die res van Skrif ook opgedeel word om elke dag te lees. Uitsonderings van daaglikse studiestukke sluit in *YAH* se vasgestelde feestye, waartydens toepaslike teksgedeeltes gelees en deurgewerk word. Dit stel die leser in staat om Skrif binne een jaar volledig deur te werk en nie slegs *Torah* en sekere uitgesoekte teksgedeeltes uit die Profete nie, soos steeds gedoen word deur rabbynse Judaïsme. Dit noodsaak ook mense wat uit Christendom oorgekom het om verskeie boeke en hoofstukke te lees wat verwaarloos is omdat daar geglo is dat dit slegs vir die *Y'hudim* ('Jode') is.

Tydens die bepaling van die vasgestelde feestye, is ons aandag gereeld versteur deur verskeie mense wat alternatiewe metodes gebruik om die kalender te bepaal. Op 'n stadium het dit gelyk asof alles in plek val, maar *Ruach* het ons herinner:

*Yesha'yahu* 1 [14]Ek haat julle Nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra.

Ons sien ook:

*Dani'el* 7 [25]Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste **en beplan om vasgestelde tye en wette te verander** en hulle sal in sy hand oorgegee word vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd, (nadruk bygevoeg).

Mag ons met goed peuter wat *YAH* alreeds tydens die skepping in plek geplaas het? Het *YAH* enigiemand bemagtig om Sy kalender te verander? Wat sou gebeur indien ons luister na die vyand om "tye te verander" deur 'n kalender van nuuts af te bepaal of selfs net aan te pas wat ten volle deur ons Meester, *Yeshua*, gevolg was en Hy nooit bevraagteken het nie? *Sha'ul* leer ons:

*Galatiërs* 4 [10]Julle hou dae, maande, vasgestelde tye en jare.

Dit maak dinge vir ons duidelik dat *Yeshua* die kalender gevolg het sonder enige vrae, tot die dag dat Hy opgevaar het hemel toe.

Lank voor sonwysers, was kalenders die enigste manier om tyd te bepaal en kom reeds saam vanuit die Brons Tydperk. Die oudste rekord tans beskikbaar is van Sumer[5] in Mesopotamië, naby *Ur* vanwaar ons aartsvader *Avraham* geroep is. Tydens hul ballingskap in *Bavel*, het die Hebreërs ongelukkig meeste van die (heidense) *Bavel*se name van die maande in hul eie kalender opgeneem, ten spyte daarvan dat dae en

5 https://en.wikipedia.org/wiki/Babylonian_calendar

maande tot en met daardie tyd slegs deur nommers identifiseer is, behalwe vir *Shabbat*, die sewende dag. Die kalender soos in Skrif aangegee, volg 'n sirkelvormige patroon, soos die son en die maan om/oor die aarde in twee verskillende sirkels beweeg. Dit begin in *B'reisheet* 1:5 met die eerste dag. Daarna word die dae maande en die maande word jare. Ons lees nêrens in Skrif dat *YAH* enigsins 'n verduideliking van Sy kalender moes gee nie, daarom sien ons:

> *Sh'mot* 12 [2]"Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

*Mosheh* vra nooit vir *YAH* om enige van die terme of selfs die tyd te verduidelik nie. Ons lees:

> Handelinge 7 [22]*Mosheh* is opgelei in al die wysheid van die *Mitzrayim*iete en was voorbereid in redevoering en in dade.

Ten tye van die volk van *Yisra'el* se slawediens, was hulle onderwerp aan die kalender soos deur *Mitzrayim* en meeste van die omliggende lande gevolg is. Die nuwe jaar het begin in wat vir ons bekend is as september of oktober en soortgelyk as wat rabbynse Judaïsme dit tot vandag vier. Ten einde 'n nuutgebore volk in geheel af te skei van heidense gebruik en tradisies, het *YAH* die opdrag vir *Mosheh* gegee soos in bogenoemde vers aangedui – iets wat hy onmiddellik verstaan het.

Ons is bewus daarvan dat die *Mitzray*iete beide die son- en maankalenders gebruik[6] het. Die sonkalender is veel later ook as 'n burgerlike kalender ingestel, terwyl die maankalender bestaan het uit twaalf maande waarvan die tydperk gewissel het tussen 29 en 30 dae, afhangende van die volle siklus van die maan. Elke maand van die maankalender het begin met 'n nuwe maan, wat bepaal is vanaf die eerste dag nadat die sekel van die kwynende maan nie meer sigbaar was nie. Geen pryse vir die raaiskoot waarvandaan hierdie kalender ontwikkel is nie!

## Noach *het* YAH *se kalender gebruik*

Dit is nie per toeval nie dat *b'nei Yisra'el* hul ontstaan in *Mitzrayim* gehad het. *Mosheh*, hul leier en ook 'n skadubeeld of vooruitskouing van *Yeshua*, het die beste opleiding ontvang wat geld sou kon koop. Hy is opgelei in al die wyshede van *Mitzrayim*, soos ons in bogenoemde teksvers gesien het. Die *Mitzray*iete is nasate van *Noach*, tweekeer verwyder, synde die oudste seun van *Cham* te wees, die middelste broer van *Shem* en *Yefet*. Dit is nie die doel van hierdie artikel om uit te brei oor *Noach* se nageslag nie, maar genoeg om te sê dat die nasate van *Yefet* na die Weste en Ooste versprei het, vanaf Europa tot by Indië en selfs so ver as Rusland; die nasate van *Cham* het uitgebrei na die suide tot in Afrika terwyl *Shem* se nasate gebly het in die omtrek waar hulle die ark verlaat het. Uiteraard was daar die uitdagers wat in ander rigtings getrek het. Een van die beste bronne oor hierdie onderwerp is die boek "The Tribes", deur Yair Davidiy[7].

Sonder om onnodige persoonlike inligting te vermeld, gee *YAH* vir ons 'n kykie in die skeepsdagboek van kaptein *Noach*, waar ons die volgende inskrywings sien:

- *B'reisheet* 7 [11]In die ses honderdste jaar van die lewe van *Noach*, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dié dag, is al die fonteine van die diep watermassas oopgeskeur en die sluise van die hemel is oopgemaak
- *B'reisheet* 8 [4]en die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die bergreeks van *Ararat* gerus. [5]Die water het geleidelik afgeneem tot die tiende maand toe. Op die eerste dag van die tiende maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.
- *B'reisheet* 8 [13]Dit het so gebeur dat in die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op

6 https://www.britannica.com/science/Egyptian-calendar

7 https://www.britam.org/the-Tribes.html of https://www.amazon.com/Tribes-Israelite-Origins-Western-People/dp/965902553X

die eerste van die maand, die waters weggedroog het van die aarde af en *Noach* het die dak van die ark afgehaal, uitgekyk en let op, die oppervlak van die aarde was droog! [14]In die tweede maand, op die sewe en twintigste dag van die maand, was die aarde droog

## YAH *die Pedagoog*

Sedert sy eerste ontmoeting met *YAH*, het *Mosheh* onafgebroke onderrig ontvang. Die volgende teksverse is maar net die punt van die spreekwoordelike ysberg:

- 🕎 *Sh'mot* 3 [5]Hy sê: "Moenie nader kom nie. Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderde grond."
- 🕎 *Sh'mot* 3 [15]Verder sê *YAH* vir *Mosheh*: "Dit moet jy vir die seuns van *Yisra'el* sê: 'יהוה, die *Elohim* van julle vaders, die *Elohim* van *Avraham*, die *Elohim* van *Yitz'chaq* en die *Elohim* van *Ya'aqov*, het my na julle toe gestuur.' Dit is My ewige Karakter en Outoriteit en dit is hoe van My gepraat word van geslag tot geslag.
- 🕎 *Sh'mot* 4 [11]יהוה antwoord hom: "Wie het die mens se mond gemaak, of Wie maak hom stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, יהוה, nie? [12]Gaan nou en Ek self sal met jou mond wees en jou **leer** wat jy moet sê." [nadruk bygevoeg]
- 🕎 *Sh'mot* 12 [3]Praat met die hele vergadering van *Yisra'el* en sê: Op die tiende van hierdie maand sal elke man vir homself, volgens die huis van sy vader, 'n lam vat - 'n lam vir elke huishouding.
- 🕎 *Sh'mot* 19 [12]Jy moet ook vir die volk grense rondom stel en sê: 'Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, sal sekerlik doodgemaak word.'

Ons sien ook 'n baie belangrike les van *YAH*:

*D'varim* 6 [6]Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. [7]Jy moet dit ywerig vir jou kinders **leer** en daaroor praat wanneer jy in jou huis sit, wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan (nadruk bygevoeg).

Een van die mees diepsinnige beloftes vind ons:

*Mizmor* 32 [8]"Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die pad wat jy moet gaan; Ek wil aan jou raad gee en My oog op jou hou. (nadruk bygevoeg).

Wat *Mosheh* nie by Farao se universiteit in *Mitzrayim* geleer is nie, het *YAH* hom persoonlik geleer by die berg *Sinai*: die bloudruk vir 'n afgesonderde plek van aanbidding, hoe om kledingstukke vir die priesters te maak, offerande plegtighede van verskeie tipes, al die gereedskap wat benodig sou word in die tabernakel, selfs hoe om twee nuwe kliptafels te maak om dit te vervang wat hy gebreek het. Indien *Mosheh* onkundig was rakende *YAH* se kalender, sou hy dit geleer gewees het en dan ook die rede waarom ons nie veel meer daaroor in Skrif lees nie, behalwe:

*Sh'mot* 12 [2]"Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

*Mosheh* was inderdaad geskool in *YAH* se kalender.

## Midor ledor: *van geslag tot geslag*

Indien ons *YAH* moet eerbiedig deur Sy reëls en afgesonderde feestye na te kom, is die beste manier om dit te doen op Sy manier en op die dae wat Hy daarvoor afgesonder het. Die enigste manier om dit te doen, is

deur die kalender te eerbiedig soos Hy vir ons laat oordra het van geslag tot geslag:

- *Sh'mot* 12 [14]Hierdie dag sal vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van יהוה vier, reg **deur julle geslagte**. Julle moet dit hou as 'n ewige vasgestelde tyd.
- *Sh'mot* 12 [17]Onderhou die Ongesuurde Brood, want op hierdie selfde dag het Ek julle leërs uit die land van *Mitzrayim* uitgelei; daarom moet julle hierdie dag **in julle geslagte** as 'n ewige vasgestelde tyd hou.
- *Mizmor* 79 [13]Ons, U volk en die skape van U weivelde, sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande en **aan alle geslagte** U lofprysing wys.
- Efesiërs 3 [21]die eer, lof en aanbidding in Sy gemeente, in eenheid met Die Gesalfde Een, *Yeshua*, **deur alle geslagte** vir tydlose ewigheid! Dit is waar! (nadruk oral bygevoeg)

Hierdie uitdrukking hardloop deur Skrif soos 'n goue draad, soms ook uitgedruk as "kindskinders" of "kinders en kleinkinders", waar *YAH* gedurig besig is om ons verskeie dinge te leer. In die tuin van *'Eden* het Hy vir *Adam* geleer, opdrag gegee, om nie van die Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid te eet nie. Op sy beurt moes *Adam* vir *Chavah* daaromtrent leer, wat weer hul kinders sou leer. *YAH* se reëls en instellings is iets wat Hy wil hê almal moet navolg, derhalwe is ons verplig om ons kinders alles te leer wat ons weet, sodat hulle weer hul kinders kan leer. Dit is dus nie vergesog om te aanvaar nie dat *Noach* dieselfde kalender gebruik het as *Adam*. Daardie kalender het sy pad gevind tot in die noord-oostelike dele van Afrika, waar *Noach* se kleinseun, *Mitzrayim*, homself gesetel het. As gevolg van die eenvoud van die kalender het niemand nodig gehad om veranderinge aan te bring nie, juis ook omdat almal alreeds geskool was om die seisoene korrek aan te wend vir landboudoeleindes. Terwyl *Mosheh* sy meestersgraad in menslike hulpbronne voltooi het, het hy moontlik dieselfde kalender gebruik as wat *YAH* vir *Adam* gegee het.

Ons sien *Sha'ul* se onderrigting:

2 *Timotheos* 3 [16]Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir **lering**, vir **korreksie**, vir **rigting** en vir 'n kursus in **onpartydige opregtheid**, (nadruk bygevoeg)

Wat *YAH* dus vir *Mosheh* of enigiemand anders geleer het, het Hy ook direk en indirek vir ons geleer – מדור לדור (*midor ledor*), uitgespreek mie-dôr lê-dôr – van geslag tot geslag – weereens die sirkel.

Toe *YAH* met *Mosheh* gepraat het oor die kalender, het hy niks bevraagteken nie, maar alreeds geweet hoe om dit te gehoorsaam en daarvolgens te handel. *YAH* het 'n kalender saamgestel tydens Skepping wat Hy wil hê ons almal moet navolg, soos al Sy ander instruksies. Dit is juis vir daardie rede dat dit eenvoudig, nie-verwarrend en doelgerig moet wees. Dit is egter treurig dat een van die mens se swakste eienskappe ook hier na vore kom: beterweterigheid; die persoon wat altyd meer weet as ander, selfs meer as *YAH*; die persoon wat "hierdie (spesiale) openbaring" ontvang het en as gevolg hiervan konflik veroorsaak rondom die kalender, iets wat sal voortduur totdat *Yeshua* terugkeer!

## *Kalendergereedskap*

*YAH* het almal van ons drie stelle gereedskap gegee waarmee ons kan bepaal hoe Sy kalender werk: ons fakulteite, tekens in die hemelruim en landbou. Aangesien die laaste twee eerste gegee is, laat ons dit eerste ondersoek.

1. Tekens in die hemelruim

Ons lees:

*B'reisheet* 1 [14]*Elohim* het gesê: Laat die ligte in die ruimte van die hemele wees om te

> onderskei tussen die dag en die nag en laat hulle wees vir **tekens** en **seisoene**, vir **dae** en **jare**. (nadruk bygevoeg).

Hierdie ligte is die son, maan en sterre:

> *B'reisheet* 1 [16]*Elohim* het die twee groot **ligte** gemaak: die groter lig om te heers oor die dag en die kleiner lig om te heers oor die nag; ook die sterre. (nadruk bygevoeg)

**Let wel:** *Elohim* het twee ligte gemaak – nie 'n lig en 'n weerkaatser soos ons in skool en deur wetenskaplikes belieg word nie. Die maan verskaf sy eie lig, want Skrif leer dit vir ons.

*YAH* het gesien dat dit goed was in verse 4, 10, 12, 18 en ander. Ons sien ook dat die groter lig, die son, moes heers oor die dag en dat die kleiner lig, die maan, oor die nag sou heers. Nadat hierdie hemelse liggame hul take opgelê en toebedeel is, lees ons vir die vierde keer: "En dit was aand en dit was môre,"; die vierde dag het ten einde gekom. Let op dat hierdie vierde dag, net soos enige van die ander, geen naam gehad het nie anders as om deur 'n nommer identifiseer te word. Die ander belangrike kwessie om waar te neem sal makliker gedoen word met die derde stel gereedskap, maar laat ons eers die tweede ondersoek.

2. <u>Landbou</u>

Die tweede stel gereedskap is die voornemens wat *YAH* van die begin vir die mens gehad het: bewerk die land. Ons sien:

> *B'reisheet* 2 [5]was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie, want יהוה-*Elohim* het dit nog nie laat reën op die aarde nie en daar was geen mens **om die grond te bewerk** nie. (nadruk bygevoeg)

Ook:

> *B'reisheet* 2 [15]Toe het יהוה-*Elohim*, die mens gevat en hom **in die tuin** van `*Eden* gesit om dit **om te spit en te beskerm**. (nadruk bygevoeg)

Landbou is onteenseglik die edelste beroep denkbaar, waar daar omgegee word vir *YAH*-gegewe kos met *YAH*-gegewe insig en wysheid, terwyl slegs vertroue in *YAH* die versekering kan gee van reën, groei en oes.

Ons kennis is te beperk rakende lewe op aarde voor die sondeval, maar te oordeel aan *B'reisheet* 1:29-30 kan ons aflei dat dit nooit nodig sou wees om enige dier vir enige rede te slag nie. Wanneer *Noach* toestemming ontvang om vleis te eet in *B'reisheet* 9:3-4 is dit slegs omdat meeste plantegroei vernietig is deur die vloed, alhoewel dit weer terug sou groei. Hierdie is egter 'n ander onderwerp en nie die mikpunt van hierdie artikel om nou daaroor te bespiegel nie.

3. <u>Ons fakulteite</u>

Nadat Hy die heelal perfek geskape het, het *YAH* die mens persoonlik met Sy eie hande gemaak as 'n weergawe van Homself, soos 'n afbeelding:

> *B'reisheet* 1 [26]*Elohim* het gesê: "Laat Ons die mens maak **na Ons beeld**, **net soos Ons** en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg." (nadruk bygevoeg).

Dit word bevestig in vers 27. Die mens is oë gegee om die skoonheid van die skepping te kan aanskou en waardeer, ore om die stem van *YAH* en ander skepsels te kan hoor, 'n reuksintuig om die pragtige blomme se geur te kan inneem en ook die smaaksintuig wat, tesame met die

reuksintuig, gebruik word om die goeie voedsel te kan geniet. Vader het ook die gevoelsintuig gegee om Sy skepping te kan ervaar – die vars oggendbriesie, die warmte van die son en soveel meer. Die gevoelsintuig speel ook ‘n baie belangrike rol in ons besluitneming, asook in die demonstrasie van empatie of simpatie. Ons sien dit veral by ou mense wat eensaam is, want meeste van hulle ontwikkel ‘n ‘velhongerte’ en het dikwels ‘n behoefte aan ‘n omhelsing, 'n liefdevolle drukkie of iemand om die hand vas te hou. Al vyf sintuie werk eerstens saam om Vader se skepping te geniet en, tweedens, ons eerste ‘linie’ van waarskuwing!

Deel van die prag van die skepping is om die kringlope van al die hemelliggame te kan aanskou wat *YAH* voorberei het: die sak van die son en sy verskyning die volgende oggend; die maan wat deur verskeie gestaltes gaan, van absolute onsigbare donker tot volle felheid twee weke later, net om weer terug te keer na donker en van nuuts af herbore te word; sterre wat gedurig hul posisies in die hemelruim verander in vasgestelde patrone, waardeur wyse manne en seevaarders later gelei sou word.

Met die gebruik van hierdie drie stelle gereedskap kan die menslike wese nou bepaal hoe en wanneer om dankbaarheid en waardering te toon aan die Skepper-*Elohim* wat al hierdie dinge in plek geplaas het. *YAH* het dit ook baie maklik gemaak vir die mens deur drie stelle feestye vas te stel waartydens mense bymekaarkom om aan Hom die nodige eerbied en respek te bring deur verskeie offerandes van die oeste wat sekere tye beskikbaar sou wees, “as 'n aangename geur tot יהוה”.

## *Duisternis laat alles begin*

Ons leer:

*B’reisheet* 1 [2]Die aarde was vormloos en leeg en **duisternis** was oor die diep watermassa en die Gees van *YAH* het oor die oppervlak van die water gehang. (nadruk bygevoeg)

Alles was dus in duisternis gehul met die aanvang van die skepping. Op hierdie stadium het die horlosie op 00:00 gestaan, voordat die ‘begin’-knoppie gedruk is. Duisternis voordat die horlosie begin loop het. Ses keer na dit lees ons “Dit was aand en dit was oggend”, vir 'n spesifieke dag, in verse 5, 8, 13, 19, 23 en 31. Teen die aand is dit donker, soortgelyk as wat dit was met die begin van die skepping. *YAH* het die skepping uit die duisternis begin, net soos Hy ook 'n nuwe dag begin met die donkerte wat volg op sononder. Nadat die horlosie uiteindelik begin loop en een dag na die ander gevolg het, het die maan geleidelik meer lig na die aarde uitgestuur totdat dit ten volle sigbare was, soos bepaal deur *B’reisheet* 1:16.

Met ons sintuie sien ons die son verdwyn en redeneer dat die nag binnekort by ons sal wees. Ons is dan ook bewus dat 'n nuwe dag begin sodra die donkerte aanbreek. Dit is hoe *YAH* dit beplan het om te wees; nie soos die ligsinnige manier waarop die heidene besluit op 'n onbepaalbare (mensgemaakte) ‘tydstip’ gedurende middernag of enige ander tyd waar niks voor of na die gebeurtenis sigbaar is nie. *YAH* wil dat ons Sy skepping beleef, dat ons elke oomblik geniet van alles wat Hy geskep het. Terwyl ons die prag van 'n mooi sonsondergang beskou, kan ons ook besef dat *YAH* ons 'n geleentheid bied vir nog een ekstra dag op die aarde, nog 'n dag wat ons kan gebruik om 'n boodskap van hoop en vertroue te kan verkondig vir diegene wat dit nog nie weet of verstaan nie.

Dit is net hier waar ons graag 'n dik stok tussen die speke wil indruk: die Westerse denkwyse, waarby ons bietjie later sal stilstaan, het ons geleer dat 'n dag teen middernag begin, dat dit oggend, middag en aand is van dieselfde dag tot weer by middernag; daarna begin die nuwe dag. *YAH* se dag is egter anders, soos ons duidelik uit verskeie verse hier bo gesien het. Indien die dag begin met sononder, is dit aand dag ses, oggend dag ses en middag dag ses. Dan, na sononder is dit aand dag sewe, oggend dag sewe en middag dag sewe. Indien ons dit op 'n Westerse wyse sou stel, sal dit as volg lyk: vrydagaand, vrydagoggend,

vrydagmiddag, saterdagaand, saterdagoggend, saterdagmiddag in stede van die onsinnige huidige vrydagoggend, vrydagmiddag, vrydagaand, saterdagoggend, saterdagmiddag, saterdagaand. Ons sal dus werk, volgens Skrif, vanaf sondagoggend tot vrydagmiddag; na sononder begin die nuwe dag en dan is dit nie vrydagaand nie, maar *erev Shabbat*, *Shabbat*-aand, wanneer *Shabbat* begin. Na al die verrigtinge, seëninge en aandete gaan ons slaap sodat ons op *boqer Shabbat* (*Shabbat*-oggend) kan opstaan en gereedmaak vir ons *Shabbat* byeenkomste. Daarna volg *tsaharayim Shabbat* (*Shabbat*-middag), waartydens daar weereens verrigtinge mag plaasvind en na sononder begin sondagaand, nie saterdagaand soos ons verkeerdelik geleer en deur die Westerse stelsel belieg is nie. Dit, net terloops, is 'n kopskuif wat ons moontlik nooit op aarde sal ervaar nie; laat ons voortgaan met ons studie.

Wanneer die aarde om ons donker word teen aandskemering begin die dag. Op 'n soortgelyke manier begin die maan wanneer hy donker is. Hou in gedagte dat die maan sy eie lig voortbring. Die hoeveelheid lig verander oor 'n tydperk van tussen 29 en 30 dae vanaf geen lig, volle intensiteit tot weer geen lig. Alhoewel hierdie geheimenis nie in Skrif verduidelik word nie, beteken dit nie dat ons die leuen van 'wetenskap' moet glo dat die maan die son se lig weerkaats nie – die woord vir weerkaats word nêrens in Skrif gevind nie. Hierdie siklus van donker tot lig tot donker bring 'n nuwe maand mee, net soos die son 'n dag begin of eindig: "laat hulle wees vir **tekens** en **seisoene**, vir dae en jare". Tydens die skepping, met die horlosie op 00:00, was daar geen dag of maand nie. Toe die eerste dag begin, het die eerste maand sowel as die eerste jaar ook begin – alles in reëlmatige samewerking deur haarfyn beplanning van 'n Meester Skepper. 'n Maand kan nie bestaan sonder dae nie, net soos 'n jaar nie sonder maande kan bestaan nie. Die volle kringloop van die maan is gemiddeld 29,53 dae, terwyl 'n maand-jaar aanhou vir 354 dae. 'n Maand-jaar word voltooi wanneer die maan sy omwenteling of sirkelbeweging begin en eindig in presies dieselfde posisie na twaalf omwentelinge. Hierdie inligting is belangrik en sal later weer bespreek word.

Net 'n gedagte: is dit moontlik dat hierdie ontoereikende getalle die oorsaak kan wees van óf die sondeval óf die wêreldvloed, of dalk 'n verbinding van beide? Is dit moontlik dat, voor die sondeval, die kringloop van die maan presies 30 dae sou wees en beide die son- en maanjaar 360 dae kon wees? Ons kan hierdie gerus herkou vir 'n studie van 'n ander dag.

Duisternis is ook hoe die lewe van 'n plant begin. 'n Saad, wanneer geplant, is in totale duisternis terwyl dit rustend wag op ontkieming wat na 'n bepaalde tyd plaasvind en dan kan die plant uitreik na die lewegewende son. Sonder duisternis kan niks nuut bestaan nie. Die eerste keer wanneer 'n baba lig sien is normaalweg na 40 weke van duisternis in die baarmoeder. Voordat jy van bo af herbore is as 'n kind van *YAH* om in *Yeshua* se voetspore te wandel, was jy in geestelike duisternis.

## Soms is skeiding beter

Alhoewel alles in duisternis begin het, het dit nie so gebly nie. Ons leer:

*B'reisheet* 1 [3]*Elohim* het gesê: "Laat daar lig wees!" en daar was lig. [4]*Elohim* het gesien **dat die lig goed was** en *YAH* het die **lig** van die **duisternis geskei**. (nadruk bygevoeg)

Wanneer *YAH* sien dat die lig goed is, skei Hy dit van die duisternis omdat dit 'n ander taak moet verrig. Indien duisternis die proses afskop, dan moet lig skynbaar die proses voltooi. Die woord טֽוֹב (*tôw*) word in meeste vertalings aangebring as 'goed', of 'good' in Engels. Dit beteken egter baie meer, want *YAH* het niks geskep wat nie nodig sou wees nie. Hy het egter dinge geskep om 'n spesifieke funksie te verrig en wanneer die geskepte item die funksie verrig het waarvoor dit geskep is, kon dit beskou word as *tov* (goed). Aan die einde van die Skepping, voordat Shabbat ingestel is, lees ons:

*B'reisheet* 1 [31]*Elohim* het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was **uitermate goed** (טֽוֹב מְאֹד [*tôw mê-Ôd*]). Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag. (nadruk bygevoeg)

Wanneer *YAH* terugkyk na Sy Skepping, sien Hy dat alles die funksies verrig waarvoor dit gemaak is en Hy is tevrede – bome sal die vrugte dra waarvoor hul bestem is en die mens daarmee voed, mens en dier sal voorplant, groen plante sal voedsel wees vir diere en elke dag sal begin met sononder. Alles is inderdaad *tov me'od*.

Die son verskaf nie slegs lig nie, dit verskaf ook energie en voeding; dit bevorder rypwording van gewasse, dit vernuwe lewe in die mens. Die son voorsien ons van lig om ons dagtake af te handel en dui ook vir ons die dae aan op *YAH* se kalender. Die maan is 'n vriend van die son, nie om die son se plek in te neem nie, maar om vertroosting te bring in die nag en ons te leer aangaande die korrekte tye om te saai, te oes en wanneer om *YAH* se nuwe jaar te begin:

> *Sh'mot* 12 [2]"Hierdie maand sal vir julle die **begin** van die maande wees; dit sal vir julle die **eerste van die maande** van die jaar wees. (nadruk bygevoeg)

Hierdie instruksie is nie slegs vir *Mosheh* of die volk van *Yisra'el* gegee nie, maar vir die ganse mensdom op aarde, diegene wat 'n oor het om te hoor.

Hierdie nuwejaar, weereens 'n skeiding, is 180 grade verskuif vanaf die nuwejaar wat *Yisra'el* geleer is in Mitzrayim, iets wat hulle *ad infinitum* sou herdenk en nog steeds deur sommige heidense nasies gedoen word. Dit vorm tot vandag toe die begin van die Hebreeuse **siviele** jaar, maar word verkeerdelik genoem "*Rosh HaShanah*", hoof van die jaar. Een van die belangrikste redes waarom *YAH* die nuwe jaar verskuif het van dié van die heidene en die siviele jaar, was om hulle af te sonder, te **skei**, soos Hy sou verkies die volledige *Yisra'el*, beide fisies en geestelik, te alle tye moet wees:

> *Vayiqra* 19 [2]"Praat met die hele vergadering van die seuns van *Yisra'el* en sê vir hulle: 'Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle *YAH*, is Afgesonderd.

Hierdie uitdrukking word in baie ander teksverse herhaal. Op 'n ander stadium, wanneer *Kefa* sy tweede brief van bemoediging skryf aan die navolgers van *Yeshua*, haal hy uit verskeie verse van die *TaNaKh* aan wanneer hy sê:

> 1 *Kefa* 2 [9]Julle is 'n **gekose nasie**, [*Yesha'yahu* 43:20; *D'varim* 7:6; 10:15] om te dien as **priesters** [*Sh'mot* 19:6; *Yesha'yahu* 61:6; Openbaring 1:6; 20:6] **in die Koninkryk**, 'n **afgesonderde volk**, [*Sh'mot* 19:6] **bymekaargemaak en bevry**, [*Yesha'yahu* 43:21; *Sh'mot* 19:5] om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, (nadruk volgens *Complete Jewish Bible*)

Ons merk hier die uitdrukking "uit die duisternis... tot Sy wonderlike lig"; dit herinner ons aan die eerste skeppingsdag, asook waar ons as gelowiges ons nuwe lewe begin het. Somtyds is skeiding beter, eintlik **baie** beter.

Die siviele nuwe jaar begin naby die herfs-ewening soos dit in die land Israel ondervind sou word. Dit is ook gedurende die tyd wanneer die laaste gewasse geoes word; dit sluit druiwe, vye en granate in. Hierdie tydperk lui die olyfoes in wat ongeveer drie maande duur. Dit is nie toevallig nie dat *YAH* se laaste drie feeste ook tydens hierdie tydperk plaasvind. Soos die son se posisie verskuif ten opsigte van die aarde, verander die aarde se temperatuur wat tot gevolg het dat verskillende gewasse geplant en verskillende gewasse geoes word op spesifieke tye. *YAH* geniet die 'geur' van die offerandes van eerste oeste en het daarom die feestye so ingestel om met oestye saam te val. Indien ons 'n verkeerde kalender of ons eie sou volg, sou ons nie net *YAH* se seëninge mis nie, maar ook Sy Teenwoordigheid.

Veronderstel jy werk vir 'n maatskappy en die bestuurder reël 'n vergadering met jou op 'n spesifieke dag en spesifieke tyd in sy kantoor. Jy het egter jou eie agenda en besluit om hierdie afspraak te verontagsaam en daag dan eers die volgende dag daar op. Wanneer jou klop nie beantwoord word nie en jy probeer uitvind

waar jou bestuurder sou wees, verwittig die sekretaresse jou dat die bestuurder bedank het om na 'n ander maatskappy te gaan. Die grootste skok is egter wanneer sy jou meedeel dat jy die volgende bestuurder sou wees. Jy het egter nie opgedaag vir die afspraak nie en dit het die bestuurder genoodsaak om iemand anders aan te stel. Jy is bevordering kwyt, tesame met al die byvoordele wat dit sou inhou.

Nou, veronderstel daardie "bestuurder" is *YAH*; Hy roep jou op vir 'n bepaalde fees waar jy die een seën na die ander sal ontvang deur slegs in gehoorsaamheid teenwoordig te wees. Wie sou jy eerder gehoorsaam, die mens of *YAH*? Wanneer *YAH* roep, moet ons Sy tyd, Sy datum, Sy kalender eerbiedig, nie ons eie nie.

## Wanneer die BEGIN knoppie gedruk word

Terwyl ons in 'n verbeeldingswêreld verkeer, laat ons onsself daar plaas terwyl *YAH* geskep het en kyk wat gebeur wanneer Hy die 'begin'-knoppie druk! Aanvanklik sien ons niks, want alles is in duisternis. Soos die sekondes aanskuif en minute word, word die minute uiteindelik ure en ure word dae. Geleidelik sien ons 'n fyn sigbare sekel van lig aan die een kant van die maan. Die maan verdof terwyl die son in die ooste opkom om vir ons die heel eerste oggend te gee wat aarde nog ooit beleef het.

Na 'n aantal sonsopkomste en sonsondergange raak die sekel op die maan groter totdat die volle gesig van die maan vir ons glimlag. Na 'n paar dae verminder die glans van die maan totdat slegs weer 'n klein sekel sigbaar is en daarna is die maan onsigbaar. Die eerste siklus van die maan is sopas voltooi, kort nadat die laaste sekel verdwyn en die maan onsigbaar geword het; *YAH* se tydmeters werk volmaak (*tov me'od*)!

## Tydmeters

1. Son

Noudat al hierdie dinge in plek is, herhaal al die kringlope hulself soos *YAH* dit beplan het, maar die son is nie die groot dryfkrag van alles wat nou gebeur nie. Dit is slegs die tydmeter om dag en nag te bepaal. Vanaf een sonsondergang tot die volgende is een dag, in Hebreeus יֹ֫ום (jôm). Hierdie dag kan egter opgedeel word in "dag en nag", derhalwe kan dag gesien word as die tydperk wanneer die son sigbaar is:

> *Yochanan* 11 9 *Yeshua* sê vir hulle: "Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie omdat hy die lig van hierdie wêreld sien,

Die woord 'dag' kan dus verwarrend wees vir sommige, maar indien ons die woord binne verband lees en gebruik, sal die minste probleme ondervind word.

Die son volg 'n baan met twee denkbeeldige lyne as grense. Die suidelike grens is die Steenbokskeerkring en die noordelike grens staan bekend as die Kreefskeerkring. Wanneer die son by of naby die suidelike grens beweeg, ondervind daardie gedeelte van die aarde somer en die gedeelte by die noordelike grens ondervind winter. Met verloop van tyd skuif die son nader aan die noordelike grens en breek somer aan vir daardie deel van die aarde, terwyl die deel by die suidelike grens winter ervaar. Die ewenaar, ook 'n denkbeeldige lyn tussen die noordelike en suidelike grense, ervaar 'n meer egalige klimaat, aangesien die son gereeld aan weerskante van hierdie lyn ronddans. Sonstilstand, in Engels bekend as "sun solstice", vind plaas wanneer die son die uiterste van sy baan bereik, hetsy in die Kreefskeerkring (junie) of die Steenbokskeerkring (desember) en na die ander grenslyn begin beweeg. Gedurende hierdie tydperk is die dag baie langer as die nag waar die son op die betrokke grenslyn is. By die ander grenslyn is die dag baie

korter as die nag. Die oomblik wanneer die son deur die ewenaar beweeg vanaf die noordelike grens op pad na die suidelike grens, vind die suidelike dag- en nagewening (Engels: equinox) plaas en is dag en nag ongeveer dieselfde tydperk (september). Noordelike dag- en nagewening vind plaas wanneer die son deur die ewenaar beweeg van die suidelike na die noordelike grenslyn (maart).

2. Maan

Die maan word ongeveer 40 keer vermeld in Skrif en baie het 'n negatiewe beduidenis vir die mens. Ons sien egter:

> *Mizmor* 104 19Hy het die maan **aangestel vir die vasgestelde tye**; die son ken sy ondergaan. (nadruk bygevoeg)

Dit is dus duidelik uit hierdie vers dat *Dawid* geweet het waarvoor die ligte in die hemelruim aangestel is. Ons kan ook hieruit aflei dat hy *YAH* se kalender sou volg, sonder om na iets te soek wat makliker of meer verstaanbaar is. Synde die intelligente man wat hy was, 'n “man na *YAH* se gedagtes en wil”, het hy nooit gepoog om sy eie kalender te maak of die een wat hy gevolg het te verander nie. Dit word bewys uit die vertelling in *Sh’mu’el Alef* 20, waaruit ons ook leer dat die maande deur die maan bepaal word. Ons sien ook in *Divrei HaYamim Alef* 12 dat die seuns van *Yisra’el* toegewyde take verrig het, spesifiek:

> *Divrei HaYamim Alef* 12 32en van die seuns van Yiessasgar, **met kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Yiesraél moes doen**; hulle hoofde was twee honderd, en al hulle broers onder hulle bevel;[8] (Woord en Getuienis vertaling, 2016) (nadruk bygevoeg).

Na die maan se volle kringloop, begin dit van nuuts af en word dus die tydmeter vir maande. 'n Spesifieke stand van maande en die son sal die seisoene bepaal, soos ons later sal sien.

3. Sterre

Ten einde ons bespreking rakende tydmeters te voltooi, kyk ons laastens na die sterre, die laaste van die tekens. Wanneer die son en die maan hul werk sorgvuldig doen, word die sterre in die prentjie gebring om te dien as tydmeter vir jare, nie omdat ons enigsins slim wil wees nie, maar omdat *YAH* dit so bepaal het. Die sterre volg 'n vooraf vasgestelde patroon wat presies een sonjaar duur en dan herhaal word. Daardie herhaling is dieselfde soos met die son en die maan die geval is: dit begin by 'n punt, volg 'n spesifieke kringloop en begin weer van voor. Vir hierdie rede is dit belangrik dat ons slegs Hebreeuse denkwyse toepas wanneer ons Skrif bestudeer. Alles in Skrif is gegrond op Hebreeuse denkwyse, herhalings, kringlope en sirkels en is in geheel verwyderd van die Griekse of Westerse lynvormige denkwyse waaraan ons tot nou toe blootgestel is:

| Hebreeuse denkwyse | Griekse / Westerse denkwyse |
|---|---|
| Patrone | Ontwikkelingsgang |
| Afbeeldings | Teoreties |
| Daadgerig | Filosofies |
| Kringlope | Lynvormig |

Uit bogenoemde tabel[9] kan duidelik gesien word die verskil tussen waarheid en die breinbesoedeling wat

8 Sommige vertalings gee hierdie vers soms aan as 31 of 33

9 Van ‘n lering deur 119 Ministries: https://www.youtube.com/watch?v=Ifrer3zl-MM

op ons afgedwing is deur Westerse beïnvloeding deur skoling, kerke en ouerskap. Terwyl daar soms 'n vorm van waarde mag wees in Griekse denkwyse, pas dit beslis nie in by Skrif en die manier waarop *YAH* die heelal beplan het nie. Nog minder help dit ons om *YAH* se kalender te verstaan en na te volg soos Hy van ons verwag.

Al hierdie inligting stel ons no in staat om hierdie deel af te sluit met die versekering dat *YAH* 'n kalender in plek gebring het om lewe op aarde te reël vir die kroon van Sy Skepping: die mens (*cf. B'reisheet* 1:26-31).

## Tyd wag vir niemand

Sedert tyd begin en die maan een volledige omwenteling om die aarde gemaak het, beteken dit dat een maand verby is. Nog 'n klompie omwentelinge en dan sal ons sien hoe gewasse oral sigbaar word: druiwe, vye, granate, olywe; 'n paar maande later sal ons gort sien, asook koring, hawer, ertjies; laastens sien ons sesam en vlas. Binne 'n paar weke nadat die gewasse gespruit het, in hul onderskeie seisoene, groei hulle sterker en met rypwording vind die oes plaas, net om die hele verloop te laat herhaal, weer en weer.

## Seisoene

Baie lesers mag veel meer kennis dra oor hierdie onderwerp, maar sommige gewasse groei beter gedurende spesifieke seisoene en klimate. Druiwe verkies 'n vogtige, warmer klimaat kort voor oestyd, terwyl graan tevrede is met 'n koeler klimaat. Dit is juis vir hierdie rede dat *YAH* seisoene aangestel het waartydens dit reën, seisoene waartydens dit droog is, seisoene met hitte en seisoene met koue. Oral oor die aarde sal ons sekere kombinasies van hierdie seisoenale eienskappe kry gedurende een jaar en alles word bepaal deur die stande van die son en die maan; na regte die hoeveelheid lig en energie wat hulle uitstraal.

Vroeër het ons genoem van sonstilstande en dag- en nageweninge. Hierdie gebeurtenisse, soos genoem, vind albei tweekeer per jaar plaas: eweninge rondom 20 maart[10] en 23 september op die sekulêre (Gregoriese) kalender. Die ewening skop die lente- of herfsseisoen af, afhangende van die tyd van die jaar. Lente begin gedurende maart in die noordelike deel en herfs gedurende september.

Ons sien 'n goeie en bevestigende voorbeeld in Skrif, wanneer ons lees van die "wyse manne", *Magi*, wat van iewers uit die Ooste gekom het om eer te betoon aan 'n nuutgebore Koning. Hierdie mense het die beweging van die sterre gevolg en moontlik 'n spesifieke ster of 'n onbekende verskynsel gesien, maar hulle het "vanuit die sterre" geweet dat iets besig was om te gebeur. Skrif het baie min inligting daaromtrent, maar so lank gelede as 3600 v*Y* kon sterrekykers eweninge, sonstilstande en veel meer bepaal[11].

## In opdrag van YAH

Daar is geen bewys in Skrif dat die kinders van *Yisra'el* 'n ander kalender gevolg het nie, maar dit is duidelik in *Sh'mot* 12:2 dat hulle vanaf daardie punt moes vashou aan die reëls wat *YAH* vir hulle gegee het. Hulle was op die punt om *Mitzrayim* te verlaat en dit was *YAH* se manier om hulle te laat breek met alles wat heidens is, elke vuil gewoonte wat hulle aangeleer het van hul slawedrywers, elke ding wat hulle verhoed

10 Ons verkies om na maande te verwys volgens nommers, soos in Skrif, en nie die heidense name te gebruik nie. Dit word egter hier gebruik vir eenvormigheid omdat sommige lesers nie bekend mag wees met 'n ander stelsel nie.

11 https://www.atlasobscura.com/articles/five-ancient-sites-to-celebrate-the-spring-equinox

het om 'n *YAH*-gevulde, afgesonderde lewe te leef.

Ons het vroeër ook genoem van die 180-grade verskuiwing van een nuwejaarsfees na 'n ander aangesien hulle ses maande verwyderd is van mekaar. Die Hebreeuse taal het 'n woord, תשובה (*t'shuva* – uitgespreek tê-sjoe-wâ), vanuit die primitiewe wortel שׁוּב (*shüv*) – H7725, wat letterlik beteken om terug te draai, weg te draai, te onttrek. Dit beteken ook 'inkeer' of 'berou' en is dieselfde woord wat *Yeshua* gebruik het tydens die bergrede:

*Mattityahu* 4 [17]Van daardie tyd af aan het *Yeshua* begin om te verklaar: "Draai weg van julle sondes af na *YAH* toe, want die Koninkryk van die hemele is naby!"

## Eers die fisiese, daarna die geestelike

Ons leer van *Sha'ul*:

1 Korinthiërs 15 [46]Die geestelike is nie eerste nie, maar die natuurlike, daarna die geestelike.

Dit was ook die geval met *Yisra'el* terwyl hulle in *Mitzrayim* was. *YAH* het die begin van die nuwe jaar verander om *Yisra'el* fisies in 'n ander tydgleuf te laat inskakel. Ironies het hulle vanaf een ewening verskuif na 'n ander, aangesien die siviele of burgerlike jaar gewoonlik naby middel september begin wanneer die herfs-ewening plaasvind. Hierdie is ook die tyd wanneer die feeste van *Yom T'ruah* (fees van trompet) en *Yom Kippur* (dag van verootmoediging) gevier word. Meer hieroor later.

Jeugdiges doen 'n toertjie met 'n skaatsplank, genaamd *Shuv*[12] (uitgespreek sjoew), wat die verkorting is van pop shove-it of shuv-it. Die toertjie behels dat die persoon die skaatsplank vanaf die agterkant met net die voete 180 grade draai, sonder dat die persoon se lyf gedraai word. Die naam van die toertjie is afgelei van die Hebreeuse woord soos bo genoem. Die nasie van *Yisra'el* moes dus 'n ommekeer maak om *YAH* se bevel te kan gehoorsaam en om die pad saam met Hom te loop vir ses maande voordat hulle weer die dag (van verootmoediging) kon beleef waar hul geestelike behoeftes aangespreek sou word.

## Hoe om die begin van die maand te bepaal

*Mosheh* is aangesê watter maand van nou af die eerste sou wees. Hy is ook opdragte gegee rondom *Pesach*, wat ons later breedvoerig sal behandel. Die belangrikste van hierdie vertelling vind ons:

*Sh'mot* 12 [14]Hierdie dag sal vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van יהוה vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as 'n **ewige vasgestelde tyd**. (nadruk bygevoeg)

Indien *Mosheh* hierdie opdrag wou eerbiedig, sou hy moes weet dat die volgende jaar op die regte tyd begin. Uit ondervinding sou hy moes wag vir die donker (nuwe) maan. Aangesien die maan egter slegs die tydmeter is vir maande, sou hy ook die tydmeter vir dae in aanmerking moes neem om die presiese tydstip vas te stel wanneer die nuwe maand, en gevolglik die nuwe jaar, sou begin. Dit kon nie 'n dag vroeër of later wees nie.

Hierdie sou egter heel eenvoudig wees, nie net omdat *YAH* 'n wonderlike Voorsiener is nie, maar ook omdat Hy die perfekte Leermeester is! Ons sien:

*B'midbar* 9 [1]יהוה het met *Mosheh* gepraat in die wildernis van *Sinai*; in die tweede jaar nadat hulle uit *Mitzrayim* uitgetrek het, in die eerste maand en gesê:

---

12 https://www.urbandictionary.com/define.php?term=shuv

In werklikheid het *YAH* vir *Mosheh* geleer op watter dag die nuwe jaar begin. Dit is soortgelyk aan baie ander dinge wat hy geleer is en moes deel met die volksleiers en uiteindelik ook die hele volk van *Yisra'el*, soos ons in 'n vorige gedeelte gesien het. Op hierdie wyse het YAH se reëls en Sy kalender *midor ledor* voortgegaan – van geslag tot geslag.

Vanaf die lente-ewening kyk ons na die naaste nuwe maan, nie meer as 'n week vroeër nie en ook nie meer as twee weke later nie. Dit sal die nuwejaar inbring. Indien dit onmoontlik is om enige van hierdie twee maatstawwe toe te pas, noodsaak dit die byvoeging van 'n dertiende maand om die seisoene reg te laat inval. Sommige *Torah*-gelowiges skop vas teen 'n dertiende maand omdat Skrif dit nie pertinent vermeld nie. Ons moet egter in gedagte hou dat die alreeds so volstrek deel was van die volk se leefwyse, dat dit nie nodig sou wees om te noem nie. Dit volg byna dieselfde beginsel dat die Apostolies Skrifte selde, indien ooit, melding daarvan maak hoe belangrik *Shabbat* is – iets waarmee hardkoppige christene ons gereeld probeer konfronteer. Dit was deel van hul leefwyse en is algemeen so aanvaar.

## Die regte nuwejaar sal al die feestye bepaal

Ten einde *YAH* se feeste uit te beeld en aan te dui hoe ons dit moet nakom, het ons 'n eenvoudige tabel opgetrek (Aanhangsel D) wat die feesdatums vir die volgende jaar aantoon. *YAH* noem drie tydperke wanneer die mans vir aanbidding moet saamtrek na 'n plek wat Hy sal aanwys:

- *D'varim* 16 [16]Drie maal per jaar moet al jou manne voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou *Elohim*, verskyn op die plek wat Hy sal kies; op die Fees van Ongesuurde Brood, op die Fees van Weke en op die Fees van Hutte en hulle mag nie met leë hande voor die Teenwoordigheid van יהוה verskyn nie.
- *Sh'mot* 23 [17]Drie maal per jaar moet al jou manspersone voor die Meester, יהוה, verskyn.
- *Sh'mot* 23 [14]Drie maal per jaar moet jy vir My 'n fees hou.

## Die feeste meer noukeurig ondersoek

Soos ons pas uit die vorige studies gesien het, kan ons maklik bepaal wanneer die jaar moet begin: donker maan naaste aan die lente-ewening van die noordelike deel, waartydens die maan onsigbaar sou wees na die laaste sigbare sekel of skrefie. Hierdie is die begin van maand een en kan uiteraard op enige dag van die week val. In ons tabel gebeur dit op dag een, soos aangedui deur "nuwe maan". Ons sien die ewening wat op dag 7 plaasvind. Hierdie nuwe maan is die naaste aan en binne een week van die ewening en dus die korrekte tyd om die nuwe jaar te begin. Sou ons wag vir die volgende nuwe maan, sou die nuwe jaar verby oestyd begin en gevolglik 'n swak oes oplewer sowel as 'n onvolmaakte offer van die eerste-vrugte. Daar is **geen** opdrag in Skrif dat die **volle** eerste maand ná die ewening moet plaasvind nie.

Een van die belangrikste punte om in gedagte te hou:

> *Vayiqra* 23 [2]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê vir hulle: 'Die vasgestelde tye van יהוה moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is **My** [*YAH* se] vasgestelde tye: (nadruk bygevoeg)

Hierdie is *YAH* se feeste, **NIE** Joodse of enige ander feeste nie. Hulle moet onderhou en eerbiedig word deur elke persoon wat bely om 'n student van *Torah* en volgeling van *Yeshua* te wees!

Die feeste word opgedeel in drie tydperke, of verskynings, voor *YAH*. Die eerste twee vind plaas tydens lente in die noordelike deel, terwyl die laaste en langste tydperk plaasvind gedurende herfs. Ten einde dienlik te handel, spits ons onsself hoofsaaklik toe op die opdragte soos aangegee word in *Vayiqra* 23:

1. <u>Die *Shabbat*</u> is 'n gegewe: elke **sewende** dag van die week. Ons word die *Shabbat* gegee as 'n rusdag, maar ook om te verstaan hoe sekere feesdae eerbiedig moet word. Hulle is nie noodwendig 'n *Shabbat* in daardie sin van die woord nie, aangesien sommige reëls soos voorbereiding van kos en vele ander minder streng is, maar nog steeds 'n rusdag waarin geen verdienstelike werk verrig word nie.

2. <u>Feesgroep 1</u> (Eerste verskyning) word genoem *Pesach,* uitgespreek <u>**pêh**</u>-sag en nie <u>**py**</u>-sag soos baie wolkop Engelssprekendes dit sê nie. Dit sluit ook in die Fees van Ongesuurde Brood (OB), *matzah*, sowel as die waaioffer:

*Vayiqra* 23 [5]Op die **veertiende** dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, is die *Pesach* tot יהוה [6]en op die **vyftiende** dag van dieselfde maand is die Fees van Ongesuurde Brood tot יהוה; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet. [7]Op die **eerste** dag [eerste dag van die fees, wat val op dag 15 van die eerste maand en letterlik enige dag van die week kan wees] sal julle 'n afgesonderde byeenkoms hê; julle mag géén gewone werk doen nie. [8]Julle moet sewe dae lank 'n offer, deur vuur, tot יהוה bring. Op die **sewende** dag [sewende dag van die fees, wat val op dag 21 van die eerste maand en letterlik enige dag van die week kan wees] moet daar 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie.'"

*Vayiqra* 23 [10]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n gerf van die eerste vrugte van julle oes [gort] na die priester bring. [11]Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag **ná** die [weeklikse] *Shabbat* moet die priester dit waai.

*Pesach* op sigself, wat beteken 'oorsien', soos in 'uitlaat', het slegs eenkeer gedurende die geskiedenis van die mens in *Mitzrayim* gebeur en wat ons nou *Pesach* noem is na regte die herdenking van die nasie van *Yisra'el* se bevryding uit slawerny. Dit is ook 'n herinnering aan ons bevryding vanuit 'n sondige lewe na 'n afgesonderde leefstyl in gehoorsaamheid aan die reëls van *YAH*. Alhoewel ongesuurde brood daardie nag geëet is, gebruik ons dit steeds om ook die geestelike aspek te ervaar van die losmaking van enige vorm van slawerny en ongeregtigheid.

Die fees van *Pesach*, dag veertien van maand een, is 'n dag van **voorbereiding** en word nie as 'n *Shabbat* deurgebring nie. Die volgende dag, dag vyftien, is die eerste dag van die fees van Ongesuurde Brood en word <u>soos</u> 'n *Shabbat* deurgebring, hetsy of dit voor, op of na 'n weeklikse *Shabbat* val, al dan nie. Belangrik nou, die eerste dag van die sewe dae van Ongesuurde Brood <u>na</u> die weeklikse *Shabbat*, dag een van die week (sondag) na *Pesach*, is die dag waarop die waaioffer plaasvind en ook die dag waarop die telling van die *'omer* begin. Meer inligting rakende die *'omer* is in Aanhangsel C. As voorbeeld: indien *Pesach* op dag 4 val, dan sal Ongesuurde Brood, wat <u>soos</u> 'n *Shabbat* hanteer word, op dag 5 val; daarna is die weeklikse *Shabbat* op dag 7 en die volgende dag, dag een van die nuwe week, sal die dag wees waarop die waaioffer plaasvind en die tel van die *`omer* begin. Hou egter in gedagte dat 'n dag alreeds teen sononder begin, dus word die tel van die *`omer* in die aand gedoen, kort na sononder van *Shabbat*. In ons tabel in Aanhangsel D val dit op die sekulêre datum van 28 Maart 2021.

3. <u>Feesgroep 2</u> (Tweede verskyning) is die enigste enkel-dag fees: *Shavu'ot*:

*Vayiqra* 23 [15]Julle moet tel van die dag ná die *Shabbat*, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe *Shabbatte* moet voltooi wees; [16]tot die dag ná die sewende *Shabbat* moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring.

Die Hebreeuse woord שָׁבוּעוֹת, *Shavu'ot*, uitgespreek sja-woe-<u>**ôt**</u> en nie sja-woe-hout soos die wolkop Engelssprekendes dit uitspreek nie, is eenvoudig die Hebreeuse meervoudsvorm van

'weke'. Christene en anti-Semiete gebruik die Griekse woord Πεντηκοστή (*Pentēkostē*), in Afrikaans ook bekend as pinkster, wat bloot 'vyftigste' beteken. Presies vyftig dae nadat die waaioffer gebring is en die tel van die *'omer* begin het, is hierdie die enigste fees wat nie 'n vaste datum het nie, maar dit val elke jaar op die eerste dag van die week, soos aangedui in die tabel by die sekulêre datum van 16 Mei 2021. Vir alle praktiese doeleindes is hierdie dag ook die stigting van die gemeente, die ἐκκλησία (*ecclesia*) of meer korrek: קְהֶלֶת, *qohelet*, uitgespreek kô-**<u>hê</u>**-let – eenvoudig die 'byeenkoms'. Hierdie volledige vertelling begin by *Sh'mot* 19 en is die dag waarop *YAH* Sy instruksies, *Torah*, die Tien Woorde, in geskrewe vorm op twee kliptablette gegee het. Ongeveer 1600 jaar later, 10 dae na die hemelvaart van *Yeshua*, is die *Ruach haQodesh* uitgestort op 120 gehoorsame volgelinge van *Yeshua*. Van toe af is die *Torah* in ons harte geskryf, soos ons lees in die eerste twee hoofstukke van die boek Handelinge. Alhoewel baie Christene glo dat die 'kerk' hier gestig is, is dit weer een van die vele leuens wat in Rome ontstaan het. *Yeshua* het die *Torah* kom vervul wat *Mosheh* van *YAH* ontvang het om vir *Yisra'el* te gee, sodat elke persoon, die "verlore skape", die kans gegun kon word om ingeënt te word op die geestelike 'olyfboom'.

4. <u>Feesgroep 3</u> (Derde verskyning), kortweg bekend as סֻכּוֹת, *Sucot*, uitgespreek soe-**<u>kôt</u>** en nie soe-kout soos die wolkop Engelssprekendes dit doen nie, is die langste fees en duur vir die grootste deel van die sewende maand:

🕎 *Vayiqra* 23 [24]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê: 'In die **sewende maand**, op die **eerste dag** van die maand, moet julle rus. Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (*shofar*), 'n afgesonderde byeenkoms. [25]Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה 'n offer, deur vuur.'"

🕎 *Vayiqra* 23 [27]"Op presies die **tiende dag van hierdie sewende maand** is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. [28]Op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n Toedekkingsdag (*Yom Kipur*) om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle *Elohim*, [29]want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; [30]asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk. [31]Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige instelling in al julle geslagte, oral waar julle bly. [32]Dit sal vir julle 'n *Shabbat* van volkome rus wees en julle moet in nederigheid vas. **Vanaf die negende van die maand met sonsondergang, vanaf sonsondergang tot sonsondergang**, moet julle jul *Shabbat* hou."[13]

🕎 *Vayiqra* 23 [34]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê: 'Op die **vyftiende dag van hierdie sewende maand** is dit vir **sewe** dae lank die Huttefees (*Sucot*) tot יהוה. [35]Op die eerste dag sal daar 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie. [36]Sewe dae lank moet julle 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Op die **agtste** dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Dit is 'n bymekaarkoms en julle mag geen gewone werk doen nie.

Die fees begin met *Yom T'ruah*, dag van *shofar* (trompet), verkeerdelik ook genoem *Rosh HaShanah* (hoof van die jaar). Alhoewel dit die begin van die burgerlike jaar mag wees, is dit nie die begin van *YAH* se jaar nie, soos ons vroeër gesien het in *Sh'mot* 12:2. Tien dae later word dit gevolg deur *Yom Kipur*, dag van verootmoediging. Hierdie was die enigste dag waarop die hoëpriester toegelaat is om in die mees afgesonderde deel van die tabernakel, later die tempel, binne te gaan om versoening te doen vir eerstens sy eie sonde en daarna dié van die volk. Op die vyftiende dag van die sewende maand begin die eintlike fees van *Sucot*, die huttefees, wat aanhou vir agt dae. Hiertydens gedenk die mense hul verblyf in tydelike hutte voordat hulle in die beloofde land aangekom het. Beide die eerste dag van die fees (dag 15 van die sewende maand) sowel as die laaste dag (dag 22 van die sewende maand) word behandel soos 'n *Shabbat*,

13 Hierdie bewoording is uiters belangrik, want dit bevestig dat 'n dag begin en eindig met sonsondergang

waartydens geen werk verrig mag word nie. Kyk gerus na die tabel asook Aanhangsel B om te sien hoe al hierdie in plek kom, sowel as die ooreenstemmende sekulêre datums. By alle vooraf tekse is nadruk bygevoeg en ook [blokhakies] vir duidelikheid.

Wanneer ons al hierdie feesdae in oënskou neem, wie wil vir 'n maatskappy werk waar jy drie weke jaarlikse verlof kry? Deur *YAH* se instruksies en voorwaarde te volg, kry jy een dag per week 'af' plus die bykans vyf weke 'verlof' wat die feeste bied, opgebreek in drie tydperke! Ons dien 'n wonderlike Skepper-*Elohim*!

## *Pas aan of sterf*

Na hierdie magdom inligting, kan ons nie onkunde voorhou as 'n verskoning om *YAH* se nuwe jaar te bereken nie. Daar is egter veel meer as wat oppervlakkig gesien kan word. Meeste van ons het grootgeword met 'n heel ander tradisie en teenoorgestelde kultuur.

*Mosheh* het nie nodig gehad om aantekeninge neer te skryf oor hoe om *YAH* se nuwe jaar te bepaal nie – dit was deel van hul kultuur en tradisie om die begin van 'n nuwe maand te vier en waarskynlik deel van sy opleiding in Farao se universiteit. Koning *Dawid* het al hierdie inligting gehad wanneer ons *Sh'mu'el Alef* 20 lees, maar hy voeg nog musiek ook daarby met 'n Gittitiese harp:

> *Mizmor* 81 3 Blaas die ramshoring op die Nuwemaan en op die vasgestelde tye, op ons ernstige feesdae,[14]

*Mosheh* het vir ons vele instruksies nagelaat, soms dalk ook met aanmanings, in *B'midbar* 10:10; 28:11, 14; 29:6.

## *Die stiptelike oomblik*

'n Nuwe maan verdien 'n viering, op 'n soortgelyke manier as wat ons 'hergeboorte', ons nuwe lewe deur die Gees van *YAH*, 'n feestelike geleentheid behoort te wees. Die nuwe maand moet egter begin word soos *YAH* dit ingestel het. Hy het immers die hemelliggame geskep en in plek gekry. Gedurende die jare het baie mense die vermetelheid gehad om *YAH* se kalender te probeer verbeter of aan te pas, terwyl ander ernstige studies hieromtrent gedoen het om te verneem wat Skrif ons leer, soos ons inderdaad nou doen. Indien ons die eerste maand van die nuwe jaar op die verkeerde dag sou begin, sou dit verskeie probleme meebring vir die res van die jaar, soos ons binnekort sal sien. Laat ons eers 'n paar kalenders ondersoek soos deur verskeie mense ingestel deur die jare van regoor die wêreld.

## Hillel *II kalender*[15]

Hierdie kalender is ontwikkel deur rabbi *Hillel* gedurende die vierde eeu en word steeds deur meeste Joodse en baie Messiaanse groepe wêreldwyd gevolg. Daar word geglo dat dit afgelei is van die waarneming-alleenlik kalender wat in gebruik was tydens die tyd van *Yeshua*. Die kalender is gegrond op die maansiklus vanuit 'n wiskundig-berekende 19-jaar siklus met 7 skrikkeljare elke twee of drie jaar om te verseker dat die seisoene reg inval. Die skrikkeljare voeg 'n ekstra maand by voor die laaste maand, 'n dertiende maand as't ware, om toe te laat dat die korter maanjaar die langer sonjaar kan inhaal. Dit is ook om te verseker dat die

14 Sommige vertalings het hierdie as vers 4

15 Meer inligting is beskikbaar by hierdie webtuiste: https://www.chabad.org/library/article_cdo/aid/526875/jewish/The-Jewish-Calendar-Year.htm

eerste oes van gort ryp sal wees vir 'n aanvaarbare waaioffer gedurende *Pesach*. Die navolgers van hierdie kalender erken dat dit 'n samevoeging is van Skrif en tradisie, maar dit bly steeds die naaste aan die dae soos in Skrif aangegee word. Ons sal later die voor- en nadele in breër trekke bespreek.

## Chanoch *kalender*[16]

Hierdie kalender het slegs die son as grondslag en word beskryf in die pseudepigrafiese Boek van *Chanoch* (Henog). Dit bestaan uit presies 364 dae en alhoewel die maan en sterre genoem word, speel hulle geen rol in die vasstelling van die begin van die jaar nie, wat ook op 'n nag- of dag-ewening kan val. Aangesien *B'reisheet* 1:16 melding maak van al die hemelliggame as tekens en hierdie kalender slegs die son gebruik, verwerp ons dit summier as nie getrou aan Skrif nie.

## *Karaïete kalender*[17]

Hierdie kalender is ontwikkel deur 'n wegbreekgroep van Jode, die Karaïete, wat latere byvoegings tot die *TaNaKh*, soos die Mondelingse Wet, verwerp. Hierdie kalender is soortgelyk aan die *Hillel* kalender, wat beide son- en maanjare in ag neem sowel as die fisiese waarneming van *aviv* gort, waaroor ons later sal uitbrei. Hulle dring aan op die sigbaarheid van die eerste sekel, waarna ons ook later sal kyk.

## *Gregoriese kalender*

Hierdie is die welbekende kalender wat tans in gebruik is omdat dit op ons afgedwing is deur die Romeinse gode. Dit is slegs op die son gegrond en neem glad nie die maan of die sterre in aanmerking nie. Dit verwerp Skrif deur heidense name te gebruik vir dae en maande en sal derhalwe nie vir hierdie studie oorweeg word nie.

## YAH *se kalender*

Hierdie is die kalender tans onder bespreking en waarvan ons alreeds die beginsels het: dit is gegrond op die maan vir maande, maar het die son nodig om dae te bepaal, sowel as die sterre wat jare sal vasstel. Ons besef dat landbou 'n rol speel in hierdie kalender, omdat instruksies in *Vayiqra* 23, *B'midbar* 28 en ander, sal bevestig dat ons al die nodige elemente in plek moet hê. Landbou bring egter 'n ander aspek ook in: 'n dankbaarheidsoffer. Ons het alreeds die presiese tyd van die eerste dag van die jaar. Voeg nou daarby die aandeel wat landbou speel en dan kan ons *YAH* verheerlik deur die feeste te kan herdenk soos Hy oorspronklik beplan het.

## Aviv *gort*

Daar is geen opdrag in Skrif wat *aviv* gort noodsaaklik ag vir die bepaling van die nuwe jaar nie. Ons sien egter:

*Vayiqra* 23 [10]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek

---

16 Gaan na https://en.wikipedia.org/wiki/Enoch_calendar vir meer inligting

17 Kyk gerus by https://escapeallthesethings.com/holy-day-calendar/ vir meer inligting

julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n gerf van die **eerste vrugte** van julle oes na die priester bring. nadruk bygevoeg)

Die woord אָבִיב (*aviv*), soms ook uitgespreek *abib*, verwys na 'n jong groen grein in rypwording. Tussen 14-21 dae nadat gort *aviv*, groen, geword het, kan dit geoes word. Gort is die eerste gewasse wat ryp word in die land van Israel gedurende daardie tyd van die jaar. Skrif leer ook vir ons die wyse waarop die offerande vervul moet word:

*Vayiqra* 2 [14]As jy 'n graanoffer van eerstelinge tot יהוה bring, moet jy **groen** are offer wat oor die vuur gebraai is, graan uitgeslaan van vol are, as 'n graanoffer van jou eerstelinge. (nadruk bygevoeg).

Daar word ook nêrens in Skrif genoem dat al die gort deur die hele land *aviv* moet wees nie – die offerande vereis slegs 'n gerf en noem dat dit voor *YAH* gebring moet word na 'n plek wat Hy sal aanwys:

*D'varim* 12 [11]dan sal **die plek waar יהוה, julle *Elohim*, sal uitkies** om Sy Karakter en Outoriteit te vestig, daar wees. Daarheen moet julle alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers, julle slagoffers, julle tiendes, die bydraes van julle hand en al julle spesiale offers wat julle aan יהוה as gelofte gee. (Nadruk bygevoeg)

Baie mense reken dat hierdie plek wat YAH sal uitkies, slegs *Yerushalayim*, *YAH* se stad, mag wees. In antieke tye sou die volk by die tempel bymekaar kom, maar daar is tans nie 'n tempel nie. *Yeshua* het in *Yerushalayim*, na regte net buite die stad, eenmalig aan 'n folterpaal namens ons sondes gesterf as die volmaakte offerlam, daarom het ons tans nie nodig om 'n lam te slag tydens *Pesach* nie. Met al hierdie faktore in ag geneem, kan die bymekaarkomplek dus enige plek op aarde wees, solank dit in gehoorsaamheid gedoen word.

Volgens Skrif moet 'n gerf van die oes na die priester gebring word voordat die oes afgehaal en in die handel beskikbaar gestel word. Die priester sal die gerf waai as 'n aanvaardingsoffer op die dag na die weeklikse *Shabbat*. Hierdie is belangrik, omdat dit sal help om die korrekte eerste dag van die maand en die jaar te kan vasstel. Ons weet dat *Pesach* op die 14de dag van die eerste maand herdenk word. Hou ook in gedagte dat hierdie nie soos *Shabbat* is nie, maar 'n normale dag – daar is baie verse wat dit bewys. Soos ons in die uitgebreide voorbeeld vroeër gesien het, indien *Pesach* op of voor die weeklikse *Shabbat* val, sal die waaioffer altyd op dag een van die volgende week val, die dag na die weeklikse *Shabbat*. Die dag na *Pesach*, die vyftiende dag van die maand, begin die fees van Ongesuurde Brood wat vir sewe dae duur en moet as *Shabbat* deurgebring word – weereens baie verse wat dit bewys. Hierdie dag sal egter nie noodwendig op die eerste dag van die week val nie, soos die geval is met die kalender van die volgende sekulêre jaar.

Hier is twee voorbeelde met die dae genommer volgens Skrif vir die eerste maand (van *Aviv)*:

1. *Pesach* val op *Shabbat*; OB=Ongesuurde Brood; rooi teks wys op *Shabbat*/afgesonderde byeenkoms; eerste vrugte word behandel soos *Shabbat*:

| *Yom rishon* | *Yom sheni* | *Yom shlishi* | *Yom revi'i* | *Yom chamishi* | *Yom shishi* | *Shabbat* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dag 1 van die week | Dag 2 | Dag 3 | Dag 4 | Dag 5 | Dag 6 | Dag 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| | | | | | | *Pesach* |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| OB begin: Eerste vrugte/*'Omer* 1 | | | | | | OB eindig |

2. *Pesach* val op 'n weeksdag; OB=Ongesuurde Brood; rooi teks wys op *Shabbat*/afgesonderde byeenkoms:

| *Yom rishon* | *Yom sheni* | *Yom shlishi* | *Yom revi'i* | *Yom chamishi* | *Yom shishi* | *Shabbat* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dag 1 van die week | Dag 2 | Dag 3 | Dag 4 | Dag 5 | Dag 6 | Dag 7 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| | | | *Pesach* | OB begin | | |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| Eerste vrugte/*'Omer* 1 | | | OB eindig | | | |

## Twee getuies

Dit is belangrik om altyd minstens twee getuies te hê wanneer ons besig is met Skrif:

*D'varim* 19 [15]'n Enkel getuie mag nie teen iemand opstaan insake enige oortreding of enige sonde wat hy begaan het nie; deur die getuienis van twee of drie getuies sal 'n saak vasgestel word.

Dit word bevestig:

*Mattityahu* 18 [16]maar as hy nie luister nie, vat nog een of twee saam met jou **sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord bevestig kan word**, (nadruk bygevoeg).

Ons gebruik hierdie selfde beginsel wanneer die nuwe jaar bepaal word. In hierdie geval is die twee getuies die hemel en die aarde, soortgelyk aan wat *Mosheh* vir die kinders van *Yisra'el* voorgehou het:

*D'varim* 30 [19]Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

Hier sien ons die hemel as die primêre getuie, die tekens soos gegee tydens Skepping, terwyl die sekondêre getuie die aarde is, landbou:

*Yesha'yahu* 55 [9]want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes,.

'n Gedeelte van die primêre getuie sal help om die lente-ewening te bepaal. Watter beter gereedskap om te gebruik as die primêre getuie self! Sonder rekenaarprogramme en die magdom tegnologiese toestelle tot ons beskikking vandag, was die antieke volk van *Yisra'el* moontlik beter toegerus as wat ons kan dink. Soos die lente-ewening nader gekom het, was 'n klein sterrestelsel, bekend as Pleiades, besig om te verhelder tydens die aandskemering teen sononder. Op hierdie manier het Pleiades aangekondig dat die ewening aanstons sou plaasvind. 'n Ander ster, die Aldebaran, ook sigbaar teen sononder, het aangekondig dat die lente-ewening reeds plaasgevind het. Daar was egter 'n tweede getuie in die hemele wat Pleiades te hulp gekom het: die ster Spica. Hierdie is in die stelsel van Virgo, die maagd, in die ooste. Tydens sononder, kon Spica waargeneem word terwyl dit opkom uit die ooste, wat weereens bevestig het dat die lente-ewening binnekort sou plaasvind[18]. Hier moet ons dit baie duidelik stel dat die gebruik van hierdie hemelse liggame slegs as tekens dien en niks te doen het met astrologie nie, iets wat *YAH* uitdruklik verbied. Hulle word slegs gebruik om spesifieke tydperke aan te dui, soos seevaarders hul weg op see bestuur deur middel van die sterre.

---

18 Ons stem nie noodwendig saam met al die inligting op hierdie webtuiste nie, maar daar is heelparty feite en inligting wat bruikbaar mag wees; wees uiters onderskeidend: https://therefinersfire.org/barley.htm

## *Rekenwyse van die oë en die verstand*

Ten einde in lyn te bly met Skrif, begin Ongesuurde Brood presies teen sononder op dag 14, met die aanbreek van die 15de dag van die maand, wat in hierdie geval ook die eerste maand van die jaar is. Die primêre getuie is die oorsaak van die nuwe jaar, terwyl die sekondêre getuie die gevolg daarvan is. Ons beskik oor die volgende feite:

- die gewasse is geplant en neem gemiddeld twee maande om ryp te word vir die oes
- die gort sal gereed wees vir die oes tussen 14 en 21 dae vanaf die *aviv* stadium
- die maan word donkerder, moontlik baie naby aan die laaste sigbare sekel
- temperature is besig om te styg, wat aandui dat lente binnekort sal aanbreek
- ons weet hoe om die ewening te bepaal

Met al hierdie inligting byderhand is dit nou maklik om die werklike begin van die nuwe jaar vas te stel. Die sonsondergang rondom die tyd van die nuwe maan, met die onsigbare maan wat volg op die laaste sekel, is die presiese tyd waarop die nuwe maand begin. Hierdie is die stem van die eerste getuie. Indien die tweede getuie ooreenstem, wat beteken dat die gort baie na aan *aviv* is, binne die 14-dae tydperk, sal hierdie nuwe maand ook die begin van die nuwe jaar wees. Indien *aviv* gort nie sigbaar is nie, word die nuwe jaar uitgestel tot die volgende nuwe maan. Daar is egter geen verslae dat so iets ooit plaasgevind het nie, want ons dien 'n *YAH* Wie se kalender volmaak is terwyl Hy juis vir ons die voorskrifte en gereedskap gegee het om alle nodige bepalings te kan doen.

## *Probleme met die Karaïetiese tradisies of oortuigings*

Wanneer ons na die kalender van die Karaïete kyk, soos vroeër genoem, is hulle van mening dat *aviv* gort spesifiek in *Yerushalayim* gevind moet word. Hierdie is onwaar soos ons uit vorige aanhalings gesien het en dit nêrens so in Skrif opgeteken is nie. Die *Yarden*-vallei se klimaat is effens warmer en dit is redelik gereeld dat gort in daardie omgewing eerste ryp word. Ons kan dus die gedagte van *aviv* gort slegs in *Yerushalayim* verwerp.

Skrif skryf **geensins** 'n sigbare maan voor nie – nie 'n strepie nie, nie 'n sekel nie, niks nie behalwe 'n **nuwe** maan, wanneer dit donker is. Vanuit verskeie teksgedeeltes hier bo en veral *Sh'mu'el Alef* 20, het ons gesien dat die nuwe maan ook die nuwe maand inlei. Indien die begin van die maand aangedui sou word deur 'n sigbare maan van enige tipe, sou die volgende vers anders geskryf of uit Skrif uitgelaat gewees het:

> *Sh'mu'el Alef* 20 [18]Toe het *Y'honatan* vir hom gesê: "**Môre** is dit nuwemaan en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees. (nadruk bygevoeg)

Dit is eenvoudig omdat nie *Y'honatan*, *Dawid* of koning *Sha'ul* of enigiemand anders die versekering sou hê dat dit nuwe maan sou wees nie, maar hulle bloot sou raai. Hulle het moontlik alreeds die laaste sekel van die ou maan gesien en daarom kon hulle sekerheid hê, of hulle was ingelig deur hul lakeie wat hierdie take behartig het. Enige sigbaarheid van die nuwe maan, hoe gering dit ook al mag wees, kan soms tot soveel as drie dae neem nadat die kwynende sekel verdwyn het. Dit is verbysterend dat daar tot nou toe geen onmin is tussen "sigbare sekel navolgers" nie, veral aangesien niemand sekerheid het oor die persentasie helderheid nodig om die nuwe maan aan te kondig nie! Net soos met die Gregoriese kalender, kan ons ook die Karaïete se kalender verwerp.

## *Probleme met die kalender van* **Hillel**

Jode stem selde, indien ooit, met mekaar saam oor enigiets. 'n Algemene gesegde is: Twee Jode, drie menings. Nege kere uit tien beantwoord hulle 'n vraag met 'n ander vraag. Daar is egter een ding waaroor hulle met mekaar in eenstemming is: ten spyte daarvan dat die kalender van *Hillel* nie noodwendig 100% gebaseer is op Skrif nie, is dit baie naby aan die kalender wat gebruik is tydens die tyd van *Yeshua* op aarde, soos voorheen genoem. Hier en daar mag hulle dalk 'n dag skuif om te verhoed dat twee *Shabbat*ot (*Shabbatte*) opmekaar volg; die maand begin met die eerste sigbare sekel van die maan; daar is heelwat invloede vanuit *Bavel*, soos heidense name vir die maande; die begin van *Tishrei* (maand sewe) mag uitgestel word om te verhoed dat *Yom Kippur* op dag 6 (vrydag) of dag 1 (sondag) val of *Sh'mini Atzeret* op *Shabbat*, en so voort *ad nauseam*. Ongelukkig is baie van hierdie veranderinge nie as reëls opgeteken in Skrif nie, dus plaas ons 'n vraagteken op die *Hillel* kalender.

## *Slotsom*

Ongeag hierdie besware, is daar geen ander kalender nader aan Skrif as die kalender van *Hillel* nie. Die dae begin en eindig min of meer soos Skrif aandui, al die feestye, en meer, word meestal juis weergegee, omdat die oorspronklike kalender onder beheer was van priesters en leiers van ten minste *B'midbar* 28 en 29 waar verskeie offerandes uiteengesit word. Die priesters vanuit die geskiedenis na die uittog moes een besondere dag van verootmoediging vasstel soos in *Vayiqra* 16. *YAH* sou nie hierdie moeilik taak op hulle geplaas het indien hulle nie deur 'n buitengewone metode die presies dag gegee is waarop hierdie gebeurtenis sou plaasvind nie – in algehele gehoorsaamheid aan Sy opdrag. Dit beteken ook dat hierdie en daaropvolgende priesters nooit die gesag ontvang het om enige veranderinge aan te bring aan die kalender of enige van *YAH* se opdragte nie, maar Hy het aan hulle die nodige insig, kennis en wysheid gegee om die res van die kalender te kan vasstel en vertrou dat hulle daarvolgens sou optree. Selfs tydens hul ballingskap sou dit verpligtend wees vir die vroomstes (*Dani'el et al*) om so na as moontlik die kalender te eerbiedig.

Al die maande het 29 of 30 dae, wat dinge baie makliker maak as die ongereelde 31- of selfs 28-dae maande van die Gregoriese kalender. Die kalender van *Hillel* is klaarblyklik aanvaar deur die *Sanhedrin*[19] as gevolg van die noukeurige manier waarop *Hillel* al die vorige jare in oënskou geneem het, om sodoende 'n ewigdurende kalender met skrikkeljare te kan ontwikkel sodat *Pesach* altyd in die lente van die noordelike deel sou plaasvind. Dit sou die enigste manier wees waarop *aviv* gort as waaioffer gebring kon word. Uit alle oogpunte beskou, is hierdie steeds die mees nougesette kalender van alle tye met die grondslag van die oorspronklike kalender wat die volk van *Yisra'el* gevolg het nadat hulle uit *Mitzrayim* gekom het.

Ons lees of hoor nêrens van enige argumente rondom die kalender in die tyd van *Yeshua* nie. Mense het dit gevolg sonder om enigiets te bevraagteken, net soos *Yeshua* self, met verskeie teksgedeeltes om dit te bewys. Hy leer ons:

> *Mattityahu* 23 [2]en vir hulle gesê: "Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van *Mosheh*; [3]daarom moet julle alles wat hulle vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos hulle doen nie, want hulle praat net en doen nie,

Alhoewel hierdie kalender dus die naaste blyk te wees, kan ons nie altyd staatmaak op iets wat wiskundig uitgewerk is nie, maar behoort ons dan eerder terug te keer tot Skrif en daaruit leer hoe *YAH* se kalender moet werk. Ten spyte van rabbi *Hillel* se goeie werk wat hy gedoen het deur te probeer om die kalender te verewig, verkies ons om te bly soos dit wat *Yeshua* gevolg het – volgens Skrif en die tekens wat deur die hemelliggame vir ons gegee word – sonder om feesdae te verskuif. Indien die kalender goed genoeg was vir

19 Rabbynse Hooggeregshof

*Yeshua*, is dit goed genoeg vir ons en sal ons dit jaarliks bereken.

Daar is tans verskille rakende die begin van die maand, synde 'n sigbare maan, hetsy 'n skrefie of sekel, of donkermaan, maar dit mag nie onenigheid tussen gelowiges bring nie. Skrif gee aanduidings en noem dit nie pertinent nie, alhoewel ons glo dat laasgenoemde geval korrek is, maar dit is nie wat werklik saak maak nie. *Yeshua* het alle gesag gehad, aan Hom gegee deur *YAH*, selfs om veranderinge aan te bring, indien nodig. Hier is teksgedeeltes wat net 'n paar uitwys:

- *Mattityahu* 28 [18]*Yeshua* het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: "Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee
- *Yochanan* 5 [27]Hy het aan Hom outoriteit gegee om ook te veroordeel omdat Hy die Seun van die mens is.
- *Yochanan* 10 [18]Niemand vat dit by My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die outoriteit om dit af te lê en Ek het die outoriteit om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang."
- *Marqos* 1 [27]Almal was verbaas en het dit onder mekaar bespreek en gevra: "Wat is dit? Watse nuwe leringe is dit en dít met outoriteit; Hy beveel selfs die vuil geeste en hulle gehoorsaam Hom?"

*Yeshua* kon *Shabbat* aanbidding en byeenkomste verskuif het na dag een, sondag; Hy kon ons vertel het om nie langer *YAH* se feestye te eerbiedig nie; Hy kon ons gewys het hoe om die kalender te verander, moontlik een vir elke land, maar Hy het nie, want die kalender gedurende Sy tyd was perfek, goed genoeg vir Hom en elkeen in Sy tyd, jy en ek ingesluit. Hy het Sy *talmidim* beveel om te wag op die belofte van *YAH* wat sou saamval met *Shavu'ot*:

> Handelinge 1 [4]Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van *Yerushalayim* af weg te gaan nie, maar om: "Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het,

Ongeag die menige kere wat Hy die leiers van Sy tyd vir veelvuldige dinge tereggewys het, leer Hy ons:

> *Mattityahu* 5 [20]want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!

Die belangrikste feit is egter om te besef dat enigiemand wat *YAH* se kalender verander of ander kalenders volgens hul eie berekeninge skep, skep ook verdeeldheid. As ware navolgelinge van *Yeshua* word dit van ons verwag om nie verdeeldheid te skep nie, maar ons doelstelling moet wees om ander te leer aangaande gehoorsaamheid aan *YAH* se *Torah*, insluitend die kalender wat *YAH* daargestel het. Indien daar verwarring sou wees oor die kalender, mag mense die gedagte kry dat daar ook verwarring kan wees oor *Torah*. Skrif is nie ten gunste van verdeeldheid nie, soos ons geleer word:

- *Luqas* 11 [17]maar omdat *Yeshua* hulle gedagtes geken het, het Hy vir hulle gesê: "Elke realm wat teen homself **verdeeld** is, **sal vernietig word** en elke huis wat teen sy natuur verdeeld is, val.
- Romeine 16 [17]Ek versoek julle, my broers: **wees versigtig vir hulle wat verdeeldheid en struikeling veroorsaak** buite die leringe wat julle geleer het. Julle moet wegbly van hulle af, [18]want sulke mense dien nie ons Meester, *Yeshua*, Die Gesalfde Een nie, maar hulle eie maag en **hulle mislei die verstand, wil en emosie van die reines** deur hulle soet woorde en seëninge.
- *Titos* 3 [9]maar **bly weg van dwase debatte**, stories van geslagsregisters, **twis en argumente van die leraars van die wet**, want dit is onvrugbaar en waardeloos. [10]**Onttrek jou van 'n verkondiger van vals leringe** ná die eerste en tweede waarskuwing, [11]wetende dat so iemand wat wegdwaal van wat reg is, sondig en homself veroordeel.

1 Korinthiërs 14 [33]want *YAH* is nie 'n *YAH* van **onbeheerstheid** nie, maar van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. Soos in al die gemeentes van die afgesonderdes (alle nadrukke bygevoeg).

Laastens, indien elke persoon op aarde kon doen soos hy wil rakende verkeersreëls, morele wette en ander burgerlike omstandighede, sou hierdie wêreld in 'n baie erger toestand gewees het as wat ons tans beleef. Dit is belangrik dat ons met mekaar saamwerk in *YAH* se harmonie, die instruksies van Sy *Torah* nakom, volgens diegene wat oor ons aangestel is vir watter doel ook al, terwyl dit nie *Torah* skend nie. Ons moet ons broer, *Y'hudah*, lei tot jaloesie:

> Romeine 11 [11]maar ek vra: "Het hulle gestruikel sodat hulle geval het?" 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, deur hulle struikeling het daar verlossing vir die ander nasies gekom, **om hulle jaloers te maak** (nadruk bygevoeg)

Ons sien bevestiging hiervan:

> *D'varim* 32 [21]Hulle het My jaloers gemaak met wat nie *YAH* is nie, My uitgetart tot woede met hulle afgode. Ék sal hulle dus jaloers maak met **dié wat nie 'n volk is nie**, deur 'n dwase nasie sal Ek hulle uittart tot woede, (nadruk bygevoeg)

Na al hierdie, is dit belangrik om te besef dat moderne Judaïsme, of rabbynse Judaïsme, soos dit vandag bekend staan, ver verwyderd is van Judaïsme soos dit beoefen was ten tye van *Yeshua*. Indien Hy hulle destyds vermaan en tereggewys het, sou Hy beslis baie meer teen die huidige vorm van Judaïsme te velde getrek het. Ons moet dus versigtig wees om nie in die slaggate te val soos met baie Messiaanse gelowiges gebeur nie, veral wanneer dit daarby kom om onskriftuurlike en verwronge gebruike aan te leer. Die doel van feeste is egter om saam byeen te kom soos vir ons geleer word in *Vayiqra* 23:1-4. Een groep, alhoewel nie perfek nie, doen dit sonder enige bybedoelings en is meer behulpsaam om 'n kalender daar te stel as baie ander wat voorgee om dit volgens *YAH* se reëls te doen. Ons leer:

> *Sh'mot* 23 [2]Jy mag nie die meerderheid volg **in doen van boosheid nie** en jy mag nie in 'n regsaak getuienis aflê agter die meerderheid aan **om die reg te verdraai nie**. (nadruk bygevoeg)

Deur 'n kalender wat homself deur die eeue bewys het, hetsy tradisie al dan nie, iets wat *Yeshua* ook gevolg het, is nie om boosheid te doen of om die reg te verdraai nie, maar om 'n gewaarwording van eensgesindheid te kweek. Dit is noodsaaklik om Skrif onpartydig en doelgerig te ondersoek, sowel as die mense aan wie dit oorspronklik gegee is. Dit is onregverdig om 'n hele volk as gewetenloos aan te sien wanneer slegs sommiges daardie geneigdheid sou toon, of 'n sekere groep wat hulself as meerderwaardig beskou. Die tyd het aangebreek dat ons *YAH* se reëls toepas op die manier waarop Hy dit wil hê.

Ons bedank 'n dierbare vriend en samewerker, Johan Kriel, sonder wie se waardevolle insette, bystand en ondersteuning hierdie artikel nooit die lig sou sien nie.

Meer inligting is beskikbaar rakende rabbynse Judaïsme en die slaggate daaraan verbonde in 'n baie gematigde en uitgebreide artikel by
https://silvertrumpet.net/wp-content/uploads/2026/03/RabbynseJudaismeReeks.pdf

Seënwense aan elke leser. Dit is ons gebede dat Vader jou sal lei op elke manier moontlik om *Yeshua* te volg volgens *YAH* se reëls en die feeste te eerbiedig volgens *YAH* se kalender.

Hein Zentgraf
theway146@silvertrumpet.net

1 *Tevet* 5781 / 16 Desember 2020
Aangepas 1 *Sh'vat* 5783 / 23 Januarie 2023
Aangepas 17 Elul 5783 / 3 September 2023
Aangepas en bygewerk op 6 Aviv 5786 / 24 Maart 2026

# Aanhangsel A

- *Vayiqra* – Levitikus
- *Torah* – die eerste vyf boeke van Skrif. Dit word verkeerdelik na verwys as ‘wet’, maar moet na regte vertaal word as ‘instruksies’
- *Yeshua* – die korrekte Naam van ons Messias en verkeerdelik vertaal as Jesus in meeste Bybels
- *Shabbat* – die Hebreeuse woord vir Sabbat, die dag wat *YAH* ingestel het vir die ganse mensdom om te rus en aan Hom respek te toon
- *Ruach* – (Afgesonderde) Gees
- *Yesha’yahu* – Jesaja, wat beteken “יהוה red”
- *Rosh-Hodesh* – nuwe maan, wat ook bedoel die begin van ‘n nuwe maand; letterlik “hoof van maand”. Hierdie transliterasie is egter verkeerd omdat meeste Engelssprekendes sukkel met die ‘ch’ keelklank soos in Ba*ch* en gevolglik spreek hulle dit meestal uit as die Engelse ‘h’ en soms ‘k’, veral aan die einde van ‘n woord. The korrekte transliterasie moet wees “*Rosh-Chodesh*”.
- *Dani’el* – Daniël, wat beteken die magtige *YAH* is my Regter
- *Sha’ul* – die apostel Paulus se Hebreeuse naam
- *Avraham* – Abraham
- *Bavel* – Babilon
- *B’reisheet* – Genesis
- *Sh’mot* – Eksodus
- *Mosheh* – Moses
- *Mitzrayiete* – Egiptenare
- *b’nei Yisra’el* – seuns (kinders) van Israel (*Ya’aqov* – Jakob)
- *Noach – Noach*
- *Mitzrayim* – Egipte
- *Cham* – Gam (sien ook die verduideliking bo vir *Rosh-Hodesh*)
- *Yefet* – Jafet
- *Yud-Heh-Vav-Heh* [*ADONAI*] is die Joodse ‘beleefde’ manier om *YAH* se werklike Naam te verberg, omdat hulle glo dit is lasterlik om die Naam van *YAH* hardop uit te spreek. Hulle vervang dit derhalwe met die woord *Adonai*, wat beteken “my Meester”. Daar mag moontlik niks verkeerd wees hiermee nie, maar ons dien nie ‘n vervangings-*Elohim* nie en daar is baie teksgedeeltes waar *YAH* aandring dat ons Sy Naam gebruik. In Hebreeus word dit geskryf as יהוה en translitereer as YHWH. Dit het baie betekenisse en verskeie beskrywings kan bygevoeg word om so veel meer te beteken[20]. Uitspraak wissel tussen Yah-**<u>hoe</u>**-ah of Yah-**<u>whêh</u>**, waar die ‘wh’ uitgespreek word soos in die Engelse ‘<u>wh</u>y’
- *D’varim* – Deuteronomium
- *Mizmor* – Psalm (enkelvoud). Die volledige versameling van Psalms word verwys na as *Tehillim*, die meervoudsvorm wat ook beteken lofprysing, eerbied en dankbaarheid
- *‘Eden* – Eden, die tuin waar *Adam* en *Chavah* gewoon het voor die sondeval. Dit word uitgespreek **<u>Ê</u>**-dên en is ook die Hebreeuse manier om te sê ‘hemels’
- *Chavah* – Eva; sien bo vir die ‘ch’-klank. Die aksent is op die laaste lettergreep, Chah-**<u>vah</u>**, soortgelyk aan Â-<u>dam</u>
- *Timotheos* – Timotheüs
- *erev* – aand (uitgespreek **<u>êh</u>**-rêw)
- *boqer* – oggend (uitgespreek **<u>bôh</u>**-ker)

---

20 'n Goeie beginpunt om meer van Vader se Name en Ampte te leer, is die boek van Marilyn Hickey, The Name of God, ISBN 978-1-60374-086-9

- *tsaharayim* – middag (uitgespreek tsah-ha-rah-**jiem**)
- *Rosh-Hashanah* – letterlik "hoof van die jaar", die Joodse burgerlike nuwe jaar wat in die Hebreeuse sewende maand begin. Dit moet eintlik verwys word na as "*Yom T'ruah*", dag van die (trompet/*shofar*) geskal, soos ons uit Skrif leer
- *Kefa* – Petrus
- *TaNaKh* – uitgespreek 'tah-**Nach**' (sien bo vir die 'ch'-klank) of 'tah-nak'; is dit 'n akroniem vir ***T****orah*, ***N****evi'im* (profete) en ***K****'tuvim* (geskrifte, poësie), die drie dele waaruit die Hebreeuse bybel bestaan. Die Christene en vele ander verwys verkeerdelik daarna as die "ou testament"
- *Dawid* – Dawid, die koning. Dit word uitgespreek as Da-**Wied**
- *Sh'mu'el Alef* – 1 Samuel. *Alef*, die eerste letter van die Hebreeuse *alefbet* (alfabet), verwys na die eerste boek, soos in hierdie geval. 2 Samuel sal dus wees *Sh'mu'el Bet*, waar *bet* die tweede Hebreeuse letter is
- *Divrei-HaYamim Alef* – 1 Kronieke
- *Yissakhar* – Issaskar
- *Pesach* – van die Hebreeuse woord פֶּסַח (**Pêh**-sag), wat letterlik beteken om oor te sien, uit te sonder, verby te gaan
- *matzah* – brood gebak sonder suurdeeg, in die vorm van moderne pannekoeke
- *Ruach haQodesh* – Afgesonderde Gees, sommige mag dit ken as die heilige Gees
- *Chanoch* – Henog
- *aviv* – groen spruite; ook geskryf en uitgespreek *abib*, omdat die Hebreeuse *bet* beide klanke kan aanneem, afhangende van konteks en oorsprong
- *Mattityahu* – Mattheüs
- *Yerushalayim* – Jerusalem
- *Yarden* – Jordaan
- *Y'honatan* – Jonatan
- *B'midbar* – Numeri, letterlik "in die wildernis"
- *talmidim* – dissipels/navolgers
- *Luqas* – Lukas
- *Titos* – Titus
- *Y'hudah* – Juda/die Joodse volk

# Aanhangsel B

*YAH* se vasgestelde tye vir die sekulêre jaar 2021[21], soos ingesluit in ons studieplan waarvan melding gemaak is aan die begin van die artikel. Hierdie studieplan is aflaaibaar vanaf ons webtuiste of per versoek:

Rooi teks dui *Shabbat* aan,beide die weeklikse sowel as spesiale *Shabbat*ot gedurende feeste.

Alle *kursiewe teks* op die studieplan[22] is stukke spesifiek met betrekking op feeste:

- Nuwejaarsdag, dag een van maand een van *YAH* se jaar (1 *Aviv*/*Nisan*) is vanaf sononder 14 Maart tot sononder 15 Maart. Hierdie is slegs 'n aanduiding van wanneer die jaar begin en vanwaar alle feesdatums bepaal word – dit dien slegs as herinnering vir die "vertrekpunt" vir die vasgestelde tye en word geensins op enige manier gevier, herdenk of bohaai oor gemaak nie
- *Pesach* is vanaf sononder 26 Maart tot sononder 27 Maart en is slegs 'n dag van voorbereiding, 'n normale werksdag en nie *Shabbat* (*Vayiqra* 23:5) nie. Hierdie jaar val dit egter op die weeklikse *Shabbat*
- Die eerste dag van Ongesuurde Brood is vanaf sononder 27 Maart tot sononder 28 Maart en word deurgebring as *Shabbat* (*Vayiqra* 23:7)
- Waaioffer is op dieselfde dag, vanaf sononder 27 Maart tot sononder 28 Maart (*Vayiqra* 23:11) en ook die dag waarop die tel van die *'omer* begin (*Vayiqra* 23:15). Aanhangsel C het meer inligting
- Vanaf sononder 2 April tot sononder 3 April is die einde van *Pesach*/Ongesuurde Brood en word weereens deurgebring as *Shabbat* (*Vayiqra* 23:8b)
- *Shavu'ot* is vanaf sononder 15 Mei tot sononder 16 Mei en word deurgebring as *Shabbat* (*Vayiqra* 23:21)
- *Yom T'ruah* is vanaf sononder 6 September tot sononder 7 September en word deurgebring as *Shabbat* (*Vayiqra* 23:24-25)
- *Yom Kippur* is vanaf sononder 15 September tot sononder 16 September en is *Shabbat* (*Vayiqra* 23:26-32)
- *Sucot* begin teen sononder op 20 September en word deurgebring as *Shabbat* tot sononder 21 September (*Vayiqra* 23:34-43). Die weeklikse *Shabbat* uitgesluit, is al die ander dae tussenin normale dae, maar die agtste dag (*Sh'mini atzeret*) van die fees, vanaf sononder 27 September tot sononder 28 September is weereens soos *Shabbat* (*Vayiqra* 23:36)
- *Simchat Torah* is vanaf sononder 28 September tot sononder 29 September. Alhoewel nie 'n Skriftuurlike fees nie, is hierdie 'n uiters vreugdevolle wyse om dankbaarheid te toon dat die ou kringloop van *Torah* beëindig en die nuwe kringloop ingewy word.

---

21 Soos vroeër genoem, is hierdie datums slegs ter inligting. Paslike datums vir die huidige jaar is beskikbaar op ons webwerf of per navraag.

22 Ons beskik oor 'n losstaande studieplan met al die weeklikse *Torah*-gedeeltes en *haftarah*-gedeeltes, maar sluit ook die *K'tuvim* (geskrifte, poësie) en die Apostoliese Geskrifte ("nuwe testament") om die volledige Skrif binne een jaar deur te werk.

# Aanhangsel C

## *Tel van die `Omer*

*`Omer*, soos ons dit vind op verskeie plekke in Skrif, is ‘n gewigsmaat, soortgelyk aan gram en kilogram. Dit het egter tussen *Pesach* en *Shavu’ot* meer van 'n geestelike betekenis. Ons lees:

> *Sh’mot* 16 [16]Dit is wat יהוה beveel het: ‘Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, ’n *`omer* vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent’.” [17]Die seuns van *Yisra’el* het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige **meer**, ander **minder**, [18]maar toe hulle dit met die *`omer* meet, het hy wat **baie** bymekaargemaak het, **niks oorgehad** nie en hy wat **min** bymekaargemaak het, **nie te min** gehad nie. (nadruk bygevoeg).

Jou geestelike eetlus bepaal wat jy van *YAH* ontvang. Hy gee in oorvloed, maar wanneer jy min bymekaarmaak, kry jy so veel as die persoon wat baie bymekaargemaak het. Ons is almal gelyk in *YAH* se oë, daar is nie gunstelinge nie. Gedurende die sewe weke wat eindig by *Shavu’ot*, lees ons verskeie gedeeltes vanuit Skrif, meestal uit *Tehillim*. *YAH* voorsien elke dag in ons behoeftes, hetsy ons min nodig het of baie. Hy weet wat ons behoeftes is, maar dit is noodsaaklik dat ons dit in gebed by Sy voete lê as erkenning van ons onbekwaamheid om na onsself om te sien en ons afhanklikheid van Hom te verklaar.

Die tel van die *`omer* is ‘n opdrag in Skrif:

> *Vayiqra* 23 [15]Julle moet tel van die dag ná die *Shabbat*, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, **sewe *Shabbatte* moet voltooi wees**; [16]tot die dag ná die sewende *Shabbat* **moet julle vyftig dae tel**; dan moet julle ’n nuwe graanoffer tot יהוה bring. (nadruk bygevoeg).

Wanneer die *`omer* letterlik elke dag getel word, is dit soos om met elke tree bergop te beweeg na die spits van *Sinai* vanwaar *Mosheh* die Tien Woorde ontvang het – *YAH* se *Torah*. Op dag 50, die dag van *Shavu’ot*, bereik ons die kruin en ontvang die *Torah* van nuuts af, die seëninge wat *YAH* in plek het vir elke persoon op aarde. Dit is dan op hierdie punt wat ons *Yeshua* se woorde moet onthou wat Hy aan ons nagelaat het:

> *Mattityahu* 28 [19]Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is [20]en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.”

Deur die tel van die *`omer*, bou ons op tot waar ons toegerus is met die Woord van *YAH* om die nasies te bedien en hulle te seën soos ons geseën word: met *`omer* – genoeg!

Meer inligting oor die tel van die *‘omer* is beskikbaar by
https://messianicshabbat.files.wordpress.com/2014/04/phases-of-the-omer-article.pdf
https://tr-pdf.s3-us-west-2.amazonaws.com/articles/counting-the-omer-an-inquiry-into-the-divergent-menthods.pdf

Hierdie artikel is op versoek ook beskikbaar in Engels.

# Aanhangsel D

*YAH* se Feeste vir Hebreeuse jare 5781/2 of sekulêre jaar 2021

| | Dag 1 | Dag 2 | Dag 3 | Dag 4 | Dag 5 | Dag 6 | Dag 7 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Yom rishon | Yom sheni | Yom Shlishi | Yom revi'i | Yom chamishi | Yom shishi | Shabbat | |
| | יום ראשון | יום שני | יום שלישי | יום רביעי | יום חמישי | יום שישי | יום שבת | |
| Sekulêre datum | 14 Maart 2021 | 15 Maart 2021 | 16 Maart 2021 | 17 Maart 2021 | 18 Maart 2021 | 19 Maart 2021 | 20 Maart 2021 | Eerste verskyning voorיהוה |
| Hebreeuse datum | **1** (Maand 1) 5781 | **2** (Maand 1) 5781 | **3** (Maand 1) 5781 | **4** (Maand 1) 5781 | **5** (Maand 1) 5781 | **6** (Maand 1) 5781 | **7** (Maand 1) 5781 | |
| Gebeurtenis | Nuwe maan | | | | | | Ewening | |
| Sekulêre datum | 21 Maart 2021 | 22 Maart 2021 | 23 Maart 2021 | 24 Maart 2021 | 25 Maart 2021 | 26 Maart 2021 | 27 Maart 2021 | |
| Hebreeuse datum | **8** (Maand 1) 5781 | **9** (Maand 1) 5781 | **10** (Maand 1) 5781 | **11** (Maand 1) 5781 | **12** (Maand 1) 5781 | **13** (Maand 1) 5781 | **14** (Maand 1) 5781 | |
| Gebeurtenis | | | | | | | *Pesach* | |
| Sekulêre datum | 28 Maart 2021 | 29 Maart 2021 | 30 Maart 2021 | 31 Maart 2021 | 1 April 2021 | 2 April 2021 | 3 April 2021 | |
| Hebreeuse datum | **15** (Maand 1) 5781 | **16** (Maand 1) 5781 | **17** (Maand 1) 5781 | **18** (Maand 1) 5781 | **19** (Maand 1) 5781 | **20** (Maand 1) 5781 | **21** (Maand 1) 5781 | |
| Gebeurtenis | OB begin/*'Omer* 1 | *'Omer* 2 | *'Omer* 3 | *'Omer* 4 | *'Omer* 5 | *'Omer* 6 | OB eindig/*'Omer* 7 | |
| Sekulêre datum | 9 Mei 2021 | 10 Mei 2021 | 11 Mei 2021 | 12 Mei 2021 | 13 Mei 2021 | 14 Mei 2021 | 15 Mei 2021 | Tweede verskyning voorיהוה |
| Hebreeuse datum | **27** (Maand 2) 5781 | **28** (Maand 2) 5781 | **29** (Maand 2) 5781 | **30** (Maand 2) 5781 | **1** (Maand 3) 5781 | **2** (Maand 3) 5781 | **3** (Maand 3) 5781 | |
| Gebeurtenis | *'Omer* 43 | *'Omer* 44 | *'Omer* 45 | *'Omer* 46 | *'Omer* 47 | *'Omer* 48 | *'Omer* 49 | |
| Sekulêre datum | 16 Mei 2021 | 17 Mei 2021 | 18 Mei 2021 | 19 Mei 2021 | 20 Mei 2021 | 21 Mei 2021 | 22 Mei 2021 | |
| Hebreeuse datum | **4** (Maand 3) 5781 | **5** (Maand 3) 5781 | **6** (Maand 3) 5781 | **7** (Maand 3) 5781 | **8** (Maand 3) 5781 | **9** (Maand 3) 5781 | **10** (Maand 3) 5781 | |
| Gebeurtenis | *Shavu'ot* | | | | | | | |
| Sekulêre datum | 5 September 2021 | 6 September 2021 | 7 September 2021 | 8 September 2021 | 9 September 2021 | 10 September 2021 | 11 September 2021 | Derde verskyning voorיהוה |
| Hebreeuse datum | **28** (Maand 6) 5781 | **29** (Maand 6) 5781 | **1** (Maand 7) 5782 | **2** (Maand 7) 5782 | **3** (Maand 7) 5782 | **4** (Maand 7) 5782 | **5** (Maand 7) 5782 | |
| Gebeurtenis | | | *Yom T'ruah* | | | | | |
| Sekulêre datum | 12 September 2021 | 13 September 2021 | 14 September 2021 | 15 September 2021 | 16 September 2021 | 17 September 2021 | 18 September 2021 | |
| Hebreeuse datum | **6** (Maand 7) 5782 | **7** (Maand 7) 5782 | **8** (Maand 7) 5782 | **9** (Maand 7) 5782 | **10** (Maand 7) 5782 | **11** (Maand 7) 5782 | **12** (Maand 7) 5782 | |
| Gebeurtenis | | | | | *Yom Kippur* | | | |
| Sekulêre datum | 19 September 2021 | 20 September 2021 | 21 September 2021 | 22 September 2021 | 23 September 2021 | 24 September 2021 | 25 September 2021 | |
| Hebreeuse datum | **13** (Maand 7) 5782 | **14** (Maand 7) 5782 | **15** (Maand 7) 5782 | **16** (Maand 7) 5782 | **17** (Maand 7) 5782 | **18** (Maand 7) 5782 | **19** (Maand 7) 5782 | |
| Gebeurtenis | | | *Sucot begin* | *Sucot 2* | *Sucot 3* | *Sucot 4* | *Sucot 5* | |
| Sekulêre datum | 26 September 2021 | 27 September 2021 | 28 September 2021 | 29 September 2021 | 30 September 2021 | 1 Oktober 2021 | 2 Oktober 2021 | |
| Hebreeuse datum | **20** (Maand 7) 5782 | **21** (Maand 7) 5782 | **22** (Maand 7) 5782 | **23** (Maand 7) 5782 | **24** (Maand 7) 5782 | **25** (Maand 7) 5782 | **26** (Maand 7) 5782 | |
| Gebeurtenis | *Sucot 6* | *Sucot 7* | *Sh'mini atzeret* | *Simchat Torah* | | | | |

| Hebreeuse dag begin
Hebreeuse dag eindig |
| Sekulêre dag begin
Sekulêre dag eindig |

| Sononder